



**'N INTERPRETASIE VAN DIE EMOSIES VAN JESUS IN
JOHANNES 11:33-38**

JOHANNA ADRIANA MARIA MEYER



**'N INTERPRETASIE VAN DIE EMOSIES VAN
JESUS IN JOHANNES 11:33-38**

JOHANNA ADRIANA MARIA MEYER

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike vervulling

van die vereistes vir die graad

Magister Divinitatis

in die

Fakulteit Teologie

Departement Ou- en Nuwe Testamentiese Studies

aan die


Universiteit van die Vrystaat

12 Oktober 2017

Studieleier: Prof. F. Tolmie

VERKLARING

Ek verklaar dat die skripsie wat hierby vir die graad Magister Divinitatis aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.



HANDTEKENING

TAALVERSORGING

Hierdie skripsie is taalkundig nagegaan deur 'n senior taalonderwyser en ons is tevrede dat die dokument aan die vereistes van taalversorging voldoen.



(Handtekening van studieleier)



(Handtekening van student)

12 Oktober 2017

(Datum)

DANKBETUIGINGS

Ek wil hiermee my opregte dank betuig aan

- my kinders, Justus, Du Toit en Stacey, vir hulle liefde en begrip;
- HJ, my jong broer in Jesus, vir die lekker saamwerk as “study buddies”;
- my suster, Marietjie Wink, vir haar bystand en haar hulp met die deurgaan van die dokument;
- mnr. Pieta Oosthuizen, hoof van CVO Skool Dankbaar en deurwinterde senior taalonderwyser, vir die finale taalversorging;
- prof. D.F. Tolmie vir sy skitterende leiding en sy gewilligheid om hierdie pad saam met my te stap; daarsonder sou hierdie verhandeling nie moontlik kon wees nie!

Aan my Hemelse Vader al die dank en eer vir hierdie ongelooflike geleentheid en die oorvloedige genade wat Hy oor my uitgestort het om op hierdie reis te kon gaan en vir sy bewaring en liefde wat my steeds omring.

INHOUDSOPGAWE

1. HOOFSTUK 1	1
1.1 INLEIDING EN MOTIVERING	1
1.2 STAND VAN DIE NAVORSING	2
1.3 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE	3
1.4 BYDRAE VAN DIE NAVORSING.....	3
2. HOOFSTUK 2	4
2.1 INLEIDEND	4
2.2 DIE ALGEMENE WOORDBETEKENISSE VAN DIE EMOSIES VAN JESUS IN JOHANNES 11:33-38. 5	
2.2.1 Woordeboekbetekenis	5
2.2.2 ἐνεβριμήσατο (vers 33) en ἐμβριμώμενος (vers 38)	5
2.2.3 Betekenis uit verskillende Bybelvertalings.....	6
2.3 KATEGORISERING VAN DIE INTERPRETASIES VAN ἐμβριμάομαι en τάρσσω	7
2.3.1 Droefheid en empatie	7
2.3.2 Woede, verontwaardiging of irritasie.....	10
2.3.3 'n Kombinasie van emosies.....	17
2.4 OPSOMMENDE INTERPRETASIE VAN DIE WIRKUNGSGESCHICHTE	24
2.4.1 Die vroeë Christelike era tot die Middeleeue	24
2.4.2 Verligting en Hervorming	25
2.4.3 19de eeu tot ongeveer 1960.....	25
2.4.4 Ná 1960	25

2.5 GEVOLGTREKKINGS	26
2.5.1 Was Jesus se uitdrukking van emosies in Johannes 11 goddelik of menslik?	26
2.5.2 Die tipes emosie wat voorkom	27
2.5.3 Moontlike oorsake van die emosies	27
3. HOOFSTUK 3	28
3.1 INLEIDING	28
3.2 DIE ROL VAN EMOSIES IN DIE EERSTE-EEUSE CHRISTENDOM.....	28
3.2.1 Die aard van emosie as psigologiese fenomeen	28
3.2.2 'n Benadering tot emosies vanuit die kulturele antropologie.....	32
3.2.3 'n Vergelyking tussen die Joodse en Grieks-Romeinse siening van emosies.....	38
3.3 DIE BETEKENISSE VAN DIE BEGRIPPE WAT DIE EMOSIES VAN JESUS IN JOHANNES 11 BESKRYF, IN DIE KONTEKS VAN DIE EERSTE EEU N.C.....	39
3.3.1 Voorkomste van bogenoemde begrippe in die Ou- en Nuwe Testament.....	40
3.3.2 Buite-Bybelse literatuur	42
3.4 DIE VERSTAAN VAN JESUS SE EMOSIES IN DIE LIG VAN DIE NARRATIEF VAN JOHANNES 11 .	42
3.4.1 Johannes 11 teen die agtergrond van die Johannes-evangelie	43
3.4.2 Struktuur van die Johannes-evangelie en die plek van die perikoop daarbinne.....	44
3.4.3 Struktuur en primêre strekking van Johannes 11:1-44.....	44
3.4.4 Opsomming	48
4. HOOFSTUK 4	50
4.1 KRITERIUM 1: EMOSIES IN DIE JUDESE EN HELLENISTIESE WÊRELD VAN DIE EERSTE-EEUSE CHRISTENDOM	50

4.2 KRITERIUM 2: DIE BETEKENISSE VAN ἐμβριμάομαι en παράσω IN BYBELSE EN BUIE- BYBELSE LITERATUUR.....	52
4.3 KRITERIUM 3: JESUS SE EMOSIES IN JOHANNES 11:33-38 BINNE DIE KONTEKS VAN DIE JOHANNES-EVANGELIE.....	53
4.3.1 Ongeloof en vyandskap.....	53
4.3.2 Jesus se “uur”.....	54
4.4 GEVOLGTREKING.....	55
4.5 SLOT.....	56
5. LITERATUURLYS	57
6. OPSOMMING.....	65
7. ABSTRACT	67
8. ETIESE KLARING	69
9. TREFWOORDE/KEYWORDS	70

1. HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING EN MOTIVERING

Hoewel daar in heelwat Nuwe-Testamentiese studies van Johannes 11 verwysings na die emosies van Jesus voorkom, blyk dit dat daar nie altyd spesifiek aandag geskenk is aan hoe hierdie emosies verstaan moet word nie. Dit is belangrik om Jesus se emosies in die Johannes-evangelie reg te verstaan omdat dit 'n direkte invloed het op die manier waarop 'n mens die Christologie van die Johannes-evangelie verstaan, veral oor die wyse waarop dit in verband staan met die feit dat Hy die Seun van God is.

Daar is verder ook duidelike verskille in die interpretasie van Jesus se emosies tussen verskillende eksegete van Johannes 11. Dit word duidelik as byvoorbeeld gekyk word na die verskille in interpretasie van 11:33: “Toe Jesus haar sien weeklaag en dat ook ‘die Jode’ wat saam met haar gekom het, huil, was Hy diep getref (ἐνεβριμήσατο) en het Hy hom ontstel” (Eie vertaling). Die Griekse woord ἐμβριμάομαι kan volgens Arndt en Gingrich (1952) diepe verontwaardiging (snork) beteken, maar aan die anderkant ook diepe bewoënheid uitdruk.

'n Paar voorbeelde van die verskeidenheid interpretasies wat eksegete op hierdie teksvers bied, bevestig hierdie verskille in interpretasie. Malina & Rohrbaugh (1998:200) interpreteer Jesus se ontsteltenis in vers 33 as reaksie op Maria se verwyte dat Lasarus nie sou gesterf het as Hy daar was nie. Hulle meen verder dat “die Jode” se reaksie dat Hy wat die blinde se oë kon open, sekerlik in staat was om Lasarus te genees, verder kon bygedra het tot hierdie ontsteltenis van Jesus. Bruner (2012:675) verskil egter van bostaande interpretasie en meen dat Jesus ontsteld was oor en met empatie gedeel het in hulle smart. Schnackenburg (1988:335) tref weer 'n onderskeid tussen die huil en weeklaag (κλαίω) van die roubeklaers en die troos (παραμυθέομαι) van “die Jode” in vers 31. Net soos by die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus (Mark. 5:38-39), het Jesus moontlik gesnork van toorn (ἐνεβριμήσατο) oor die sinnelose vertoon van verdriet van die roubeklaers. Die rede vir sy ontsteltenis en toorn was die feit dat die roubeklaers (Jode) verteenwoordigers van ongeloof was – vandaar Jesus se oproep aan Marta om te glo. Schneiders (1999:181) en ook Lincoln (2005:326) sien Jesus se ontsteltenis in die lig van die ontsteltenis oor sy eie dood en lyding in 12:27. Lincoln voeg in hierdie verband ook by dat Jesus as die goddelike *Logos* deur sy toorn soewereiniteit in die aangesig van die dood vertoon en terselfdertyd as

die Mensgeworde *Logos* menslike woede en hartseer vertoon by die aanskouing van die gevolge van die dood ten opsigte van sy geliefdes en ook ten opsigte van Homself.

Die vraag is nou watter van al hierdie uiteenlopende interpretasies die korrekte een is, asook hoedat hierdie uiteenlopende interpretasies, wat ook gekleur is deur die eie verwysingsraamwerk van die teoloë, in verband gebring kan word met die evangelis se verstaan van Jesus se emosies in die lig van die manier waarop daar oor hierdie sake in die eerste eeu gedink is.

1.2 STAND VAN DIE NAVORSING

Bykans die enigste volledige studie die afgelope 100 jaar oor die emosies van Jesus, is Voorwinde (2005) se *Jesus' emotions in the Fourth Gospel*, wat hy in 2011 opgevolg het met 'n meer omvattende werk, naamlik: *Jesus' emotions in the Gospels*. Kleinere studies is onderneem deur Pauw (1998) – oor die emosies van Jesus in Getsémané volgens die Matteus-evangelie – en Hicks (2013) – oor Jesus se emosies soos dit na vore kom in die Jesusgebeure in die Markus-Evangelie.

Voorwinde se twee omvattende werke het onder meer die volgende kommentaar by resensente ontlok, wat enersyds getuig van groot waardering, maar tog sekere leemtes uitlig:

- Nicholson (2015:194) meen dat Voorwinde nie genoeg aandag gegee het aan die analise van die emosies van Jesus nie en dat hy die Grieks-Romeinse konteks van emosies in die eerste eeu beter kon ondersoek het.
- Van der Merwe (2010:391) reken dat die konteks waarbinne die narratiewe van die Johannes-evangelie afspeel, eerder ondersoek moet word in die konteks van die Judaïsme en vroeë Christendom.
- Simpson (2011:600) beskou Voorwinde (2011) se werk as redaksioneel eerder as histories van aard omdat hy primêr na elke Evangelie vanuit 'n literêre eerder as 'n historiese perspektief kyk. 'n Bespreking van die historiese betroubaarheid van die Evangelies sou volgens hom 'n beter konneksie kon maak tussen Jesus se situasie en die situasie van die outeurs van die Evangelies.

Uit bostaande is dit duidelik dat daar nog leemtes in die ondersoek bestaan, veral ten opsigte van die historiese konteks van die gebeure binne die eerste-eeuse Christendom.

1.3 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

Vanuit die bostaande bespreking is dit logies om die navorsingsvraag soos volg te formuleer:

“Wat is die beste manier om Jesus se emosies in Johannes 11:33-38 te verstaan?”

Die volgende hipotese volg dan hieruit voort:

Die beste interpretasie van die emosies van Jesus in hierdie perikoop is die een wat die beste reg laat geskied aan die volgende:

- Die manier waarop in die eerste-eeuse Judese en Hellenistiese wêreld oor emosies gedink is;
- Die betekenis wat die Griekse begrippe wat vir Jesus se emosies in Johannes 11 gebruik word, normaalweg in die Nuwe Testament en ander Griekse literatuur van daardie tyd gehad het;
- Tot watter mate die uitbeelding van Jesus se emosies inpas by die strekking van die narratief van Johannes 11 en by die teologie van die Johannes-evangelie.

1.4 BYDRAE VAN DIE NAVORSING

Ek glo dat bostaande navorsing ’n belangrike bydrae kan lewer tot die verheldering van die teks en dat op ’n vrugbare manier gebruik gemaak kan word van die *Wirkungsgeschichte* om ’n beter blik daarop te verkry. ’n Blik op die teks met die bril van teoloë van die verlede, ’n goed-gemotiveerde keuse wanneer dit kom by die begrippe wat gebruik word om Jesus se emosies te verwoord en om op dié manier die groter horison van die teks met my eie te versmelt (Gadamer), kan beslis lei tot ’n beter kennis van Jesus as Gesalfde en Verlosser van die wêreld.

2. HOOFSTUK 2

2.1 INLEIDEND

Bo en behalwe die uitvoer van 'n behoorlike eksegeese is een van die maniere waarop die betekenis van 'n teks hermeneuties op 'n verrykte wyse bepaal kan word, om na te gaan hoe dit in die verlede geïnterpreteer en ook in die liturgie van die kerk gebruik is. Dit is ook moontlik om in hierdie verband na kommentare te kyk omdat eksegete vanuit hulle spesifieke wêreldbeeld in 'n spesifieke tydperk gewerk het. Volgens Knight (2010:138) is die nagaan van die *Wirkungsgeschichte* meer as net die nagaan van die “geskiedenis van invloed” van 'n teks. Hy sluit aan by Gadamer se “*Truth and method*” en sê dat *Wirkungsgeschichte* ook moet fokus op die politieke en ekonomiese toe-eiening van die teks. Veral moet die lees van die *Wirkungsgeschichte* die wyse bepaal waarop die akademiese gemeenskap wat met die Nuwe Testament werk, hierdie “geskiedenis van invloed” ontvang het.

Die navorsingsmetode wat in hierdie studie gevolg word, kan gesien word as 'n literatuurstudie van die verskillende wyses waarop die emosies van Jesus by die graf van Lasarus deur die eeue heen deur teoloë geïnterpreteer is. Dit kan dus gesien word as 'n breedvoerige oorsig van die *Wirkungsgeschichte* van Johannes 11:32-38 en 'n seleksie van die belangrikste eksegete van die betrokke Skrifgedeelte oor 'n spektrum van byna 1800 jaar. Daar word veral gelet op die betekenis wat hulle aan die begrippe ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν en ἐδάκρυσεν geheg het en hulle interpretasies van die perikoop word dan op grond daarvan in kategorieë ingedeel. By elkeen word – indien moontlik – hulle motivering daarvoor vasgestel, asook die konteks van waaruit hulle sekere gevolgtrekkings gemaak het. Hierdie resultate word dan later in die lig van relevante kriteria beoordeel, ten einde te bepaal watter interpretasie die beste verklaring bied vir Jesus se emosies in Johannes 11.

In hierdie hoofstuk word dus verskeie teologiese insigte oor Johannes 11:33-38 nagegaan met die doel om te bepaal hoe die lees en interpretasie daarvan deur die verskillende kontekste beïnvloed is. Dit kan egter nie gedoen word sonder om die woordeboek-betekenis, asook die verskillende voorkomste van die betrokke woorde in Bybelvertalings van die perikoop in ag te neem nie.

2.2 DIE ALGEMENE WOORDBETEKENISSE VAN DIE EMOSIES VAN JESUS IN JOHANNES 11:33-38

Die emosies wat Jesus in Joh. 11:33-38 openbaar het, word verteenwoordig deur begrippe soos

- *ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι καὶ ἐτάραξεν ἑαυτόν* (vers 33),
- *ἐδάκρυσεν* (vers 35),
- *ἐμβριμώμενος ἐν ἑαυτῷ* (vers 38).

Daar word allereers gekyk na die algemene betekenis van hierdie begrippe en frases in woordeboeke en verskillende Bybelvertalings.

2.2.1 Woordeboekbetekenis

2.2.2 *ἐνεβριμήσατο* (vers 33) en *ἐμβριμώμενος* (vers 38)

Beide bostaande woorde is verbuigings van die Griekse werkwoord *ἐμβριμάομαι*. Die volgende betekenis daarvoor is in woordeboeke verkry:

- Arndt & Gingrich (1957) en ook Newman (2010) gee as betekenis “snork van woede”, “skerp kritiseer” of “diep getref” wees.
- Louw-Nida (1988) se keuse vir Johannes 11:33 is soos volg:
 - (a) Streng aandring op iets: “*ἐνεβριμήθη αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς λέγων*, - Jesus insisted sternly (or ‘... sternly charged them’), Don’t tell this to anyone’ (Matt. 9:30).”
 - (b) Uitskel of uitvaar, bv. “*καὶ ἐνεβριμῶντο αὐτῇ*” – and they denounced her harshly’ (Mark 14:5).”
 - (c) “intense gevoel” of “diep verontwaardiging”, bv. “*Ἰησοῦς οὖν ὡς εἶδεν αὐτὴν κλαίουσαν καὶ τοὺς συνελθόντας αὐτῇ Ἰουδαίους κλαίοντας, ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι* – ‘then when Jesus saw her weeping and saw those Jews who were with her weeping, his feeling was intense’ or ‘... he was indignant’ (Joh. 11:33).”
- Liddell & Scott (1996) gee as moontlike betekenis, “snork” by perde (met verwysing na *Th.* 461 of *Luc. Nec.* 20) of by mense, om “diep bewoë te wees” (Joh. 11:33, 38) of om “ernstig te vermaan, bestraf”, bv. LXX Daniël. 11:30, Matteus 9:30 en Markus 1:43.

ἐτάραξεν (vers 33):

Hierdie woord is die aoristiese vorm van die werkwoord *ταράσσω* en kan beteken dat Jesus “omgeroer” of “geskud” was of spesifiek in Johannes 11 “verontrus of kwaad” (Arndt & Gingrich 1857), “bekommerd”, “gesteurd”, “bang”, of “geroer soos water” (Newman 2010) en “beweging veroorsaak” (Louw-Nida 1988). Liddell & Scott vertaal dit as “geroer” of “fisies gesteur, verontrus (troubled).”

ἐδάκρυσεν (vers 35):

Al die woordeboeke wat geraadpleeg is, vertaal die Griekse begrip *δακρύω* met “huil”, terwyl Newman (2010) en Louw-Nida (1988) die betekenis uitbrei deur “trane stort” by te voeg.

Uit die woordeboekvertalings, asook uit verskillende kommentare, blyk dat *ἐμβριμάομαι* en *ταράσσω* dubbelsinnig voorkom, terwyl *ἐδάκρυσεν* (vers 35) en *ἐφίλει* (vers 36) se betekenis ooreenstem. Daar word dus nou verder gefokus op *ἐμβριμάομαι en ταράσσω*, en hoe verskillende Bybelvertalings en kommentare dit hanteer.

2.2.3 Betekenis uit verskillende Bybelvertalings

Verskillende betekenis van die frase *ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι καὶ ἐτάραξεν ἑαυτὸν* word hier ten opsigte van Bybelvertalings vergelyk.

Afrikaanse 1953 vertaling	Hy het geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel.
Afrikaanse 1983 vertaling	... het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan.
Nederlandse Statevertaling (1637)	Hij werd zeer bewogen in den geest, en ontroerde Zichzelven.
English Majority Text Version	He groaned in the spirit and was troubled.
Good News Bible	... his heart was touched, and he was deeply moved.
King James Version	... he groaned in the spirit, and was troubled.
Afrikaanse Direkte Vertaling	... het dit Hom ontstel en Hy het diep bewoë geword.
Lutherse Bybel	... ergrimte (<i>kwaad geword</i>) er im Geist und betrübte (<i>bedroef</i>) sich selbst.
Duitse Nuwe Vertaling	... wurde er zornig (<i>toornig</i>) und war sehr erregt. (<i>opgewen</i>)
Zürich Bybel (1536)	Er ergrimte in Geist und emporte sich (toornig in sy gees en was gewalg; Beasley-Murray 1987:193).

Dit blyk hieruit dat die Duitse Bybelvertalings *ἐμβριμάομαι* aandui as “toornig” of “kwaad” word, terwyl die Afrikaanse Vertalings en die Nederlandse Statevertaling die woord

interpreteer as “bewoë” of “gemoed het vol geskiet” en “ontstel”. In die Engelse vertalings wat geraadpleeg is, word hoofsaaklik “groaned in the spirit” (“gekerm/gesteun in sy gees”) gebruik.

Opsommend kan dan gesê word dat ἐμβριμάομαι volgens die woordeboeke en Bybelvertalings wat geraadpleeg is, die betekenis kan aanneem van intense woede (toorn) of ontsteltenis of droefheid. Die woord παράσσω word eenvormig vertaal en beteken ’n beweging van die gemoed wat kan uitmond in ’n sigbare liggaamshouding.

Dit is duidelik uit die hierop volgende *Wirkungsgeschichte* dat al hierdie betekenis op een of ander manier deel gevorm het van die verskillende interpretasies van die perikoop.

2.3 KATEGORISERING VAN DIE INTERPRETASIES VAN ἐμβριμάομαι en παράσσω

Uit ’n bestudering van die manier waarop bostaande begrippe in sekere Bybelvertalings en kommentare geïnterpreteer word, blyk dit dat die interpretasie van die emosies van Jesus wat daardeur uitgedruk word, in hoofsaaklik drie moontlike betekenis van die frases waarin dit voorkom, uiteenval, naamlik

- droefheid en empatie;
- woede, verontwaardiging of irritasie;
- ’n kombinasie van emosies, soos toorn gepaardgaande met empatie.

By elkeen van hierdie interpretasies word daar verder uiteenlopende redes vir hierdie emosies verskaf. Die verskillende maniere waarop die emosies in die loop van die geskiedenis geïnterpreteer is, word vervolgens in terme van bostaande kategorieë in chronologiese orde bespreek.

2.3.1 Droefheid en empatie

2.3.1.1 Interpretasies vanuit die vroeë Christelike era en die Middeleeue

HIPPOLITUS VAN ROME (ongeveer 170 –235 n.C.) beskou Jesus se emosie hier as dat Hy Homself ontstel (“trouble”), maar nie soos ons deur vrees of pyn nie. Jesus vra ook waar hulle Lasarus neergelê het, hoewel Hy dit tog self geweet het. So vermeng Jesus volgens Hippolitus menslike woorde met goddelike wonders om aan te toon dat Hy ook mens was. Hy betoon homself ook as waarlik mens deur die feit dat Hy ween. Hy ween

omdat Hy aan ons die voorbeeld van goedheid en simpatie teenoor ons medemens wil stel. Volgens Hippolitus wou Hy ons deur die daad eerder as deur woorde leer om “te ween met dié wat ween”. Hy het egter nie uit smart geweene nie (Elowski 2007:19, 20).

AUGUSTINUS VAN HIPPO (354-430) meen dat Jesus in sy gees gekreun het vanweë besorgdheid en omdat Hy wou. Hy het die mag gehad om na willekeur te slaap, te huil, honger te wees, ens. Hier wou Hy swak en besorg wees. Dit lyk asof Augustinus (1888:270) Lasarus se dood sien as ’n beeld van die mens wat dood is as gevolg van die wet. Jesus kreun nie net oor Lasarus nie, maar oor almal wat nog verlore is onder die wet, waarvan die swaar klip van Lasarus se graf ’n simbool is. Dit dui dus op ’n sterk allegoriese verklaring van die teks.

POTAMIUS VAN LISSABON (ongeveer 360 n.C.) verduidelik: God het geweene, beweeg deur die trane van sterflinge. Alhoewel Hy geweet het dat Hy Lasarus van die bande van die dood deur die aanwending van sy krag sou bevry, het Hy uit empatie met die susters, hulle met sy trane getroos. Hy het ook geweene omdat die mens so diep geval het dat dit die laer wêreld liefgekry het – omdat hulle wat onsterflik kon gewees het, deur die duiwel sterflik gemaak is en verban is uit die paradys en omdat hulle wat Hy onskuldig geskape het, deur die boosheid van die duiwel skuldig gemaak is (Elowski 2007: 21).

CYRILLUS VAN ALEXANDRIË (375-444) verklaar: “Hy het gekreun in die gees en was besorg”. Dit sou kon beteken dat Hy tot empatie beweeg is deur baie geweene. Jesus is God en mens en daarom ly Hy saam met mense, sodat Hy innerlik kreun en tot trane beweeg word. In sy goddelike natuur beheer Hy dit egter deur die krag van die Heilige Gees. In vers 38 lyk dit asof Jesus se wil besig is om te stry teen die toegee aan trane omdat Hy sy smart streng wil bestraf, asook die trane as gevolg daarvan, want as God beheer Hy sy menslikheid op ’n meesterlike manier. Deur te kreun, toon Hy egter sy innerlike woelinge (Cyrillus 1885:121).

CHRYSOSTOMUS (398-404) verstaan Jesus se emosies ook as droefheid, en ’n bewys dat Hy ten volle mens was, soos blyk uit die volgende: “If He were not truly possessed of our human nature, He would not have been overcome by grief once and then again a second time”. Chrysostomus meen ook dat die evangelis juis hierdie fel emosies in die narratief

beklemtoon het, omdat hy dit in 'n mindere mate in die Getsémané-narratief na vore gebring het (Chrysostomus 1959:181).

TEOFILAKTOS VAN ORHID (middel elfde eeu): Jesus het soms sy menslike natuur laat oorneem, maar dit ander kere, deur die krag van die Heilige Gees, verberg om sy goddelike natuur te vertoon. Jesus laat toe dat sy natuur op beide maniere na vore kom, om te toon dat Hy werklik mens is, nie slegs in voorkoms nie. Hy wou ook vir ons leer hoe om vreugde en droefheid te hanteer. Teofilaktos stel die afwesigheid van emosies voor as wreed en brutaal, maar aan die ander kant is 'n oormaat daarvan vroulik. Uit die konteks waarin Teofilaktos geleef het, sou 'n oormaat emosie by Jesus dus moontlik onvanpas wees (Aquinas 1845:379).

2.3.1.2 Moderne teoloë se interpretasies

LINDARS (1972:398) vertaal *ἐνεβριμήσατο* met “deeply moved” en verklaar dat dit reeds vir vroeë kommentators probleme gegee het, soos blyk uit P⁴⁵, P⁶⁶, D en Θ, wat die teks verander na *ὡς ἐμβριμουμενος*, wat vertaal kan word as “bewoë soos in kwaad”, blykbaar om die idee van woede te versag. Hy verwys na teoloë soos Black en Boissard, wat gemeen het dat die uitdrukking *ἐμβριμάομαι* en *παράσσω* beide variante van een oorspronklike Aramese frase is. Lindars meen ook dat die woorde wel 'n Semitiese kleur het en dat die evangelis dit vanweë die ongewone gebruik daarvan, nie sou gebruik het as dit nie reeds in die bron bestaan het waaruit die narratief kom nie. Hy meen verder dat as die *semeion* in die konteks van die opstanding gelees word, hierdie emosies nie woede is nie, maar intense ontroering by Jesus oor die gedagte aan sy dood wat nou naby was. Juis daarom kon Hy ook intens meeleeft met hulle wat pyn en droefheid beleef.

SCHNEIDERS (1999:180–182) beskou die hele verhaal van die opwekking van Lasarus as 'n poging van die evangelis om aan die Johannese gelowiges hoop te bied in hulle worsteling met die dood en die smart wat daarmee gepaard gaan. Sy beskou dus die ontsteltenis van Jesus (verse 33 en 38) en sy tranes in vers 35 as 'n eerlike meelewing van Jesus met Maria se droefheid en miskien ook met haar woede omdat die dood haar broer van haar weggeneem het. Sy stel dit soos volg: “Jesus, in his most fully human moment in the Fourth Gospel, legitimates human agony in the face of death, an agony he will feel for himself as he shrinks from the passion in chapter 12.”

Jesus is volgens BRUNER (2012:679) diep bedroef saam met Maria en Marta en beslis nie kwaad vir hulle en “die Jode” omdat hulle gehuil het nie. Bruner meen ook dat die meeste van die Kerk se kommentators deur die eeue heen tereg Jesus se ware menslikheid in sy angs en trane in hierdie perikoop probeer ondervang het. Daar is egter volgens hom twee belangrike strominge – die van hartseer teenoor die van verontwaardiging. Bruner voeg hom by eersgenoemde groep.

KEENER (2003:845 vv.): Jesus was ontroer (*ἐμβριμάομαι*), ’n ongewone sterk term wat gewoonlik verontwaardiging of woede impliseer het, gepaardgaande met ’n fisiese uitdrukking daarvan (*ἐτάραξεν*). Dit kan volgens Keener wel wees dat die term ’n parallelle betekenis in 13:21 het waar Jesus diep ontroer is oor Judas se verraad. Dit kon dus ook ontroering of hartseer te midde van Maria se hartseer en geweeklaag in 11:33 aandui. Volgens Keener dink sommige dat woede hier ’n te sterk term is, maar dat ontstemd te swak is. In 13:21 is daar egter wel woede betrokke. Hy wys dan daarop dat in beide verse 33 en 38 hierdie emosie ervaar word direk ná stellings deur Maria en “die Jode” dat Jesus iets kon gedoen het om te verhoed dat Lasarus sterf, wat moontlik ongeloof aangedui het dat Hy nou iets aan die situasie kon doen. Jesus is volgens Keener (2003) egter nie kwaad oor hulle gehuil nie – Hy is eerder bedroef oor Maria se leed en huil saam met haar. Jesus se innerlike beroering oor ander se pyn, beklemtoon sy menslikheid en/of die empatiese aard van sy goddelikheid. Dit openbaar sy karakter wat lei tot sy lyding ter wille van ander aan die kruis.

2.3.2 Woede, verontwaardiging of irritasie

2.3.2.1 Interpretasies vanuit die vroeë Christelike era en die Middeleeue

PETER CHRYSOLOGUS (ongeveer 380 – 450 n.C.): Christus was diep ontsteld omdat sy innerlike organe in woeling was omdat Hy op hierdie stadium slegs vir Lasarus kon opwek en nog nie al die dode nie. Hy stort trane oor Lasarus omdat Hy hom terug verwelkom in die lewe en ook omdat Hy geen geloof by die omstanders bemerk nie (Elowski 2007: 20).

DIADOCHUS VAN PHOTIKI (vyfde eeu n.C.) meen dat om kwaad te word, gewoonlik nie goed is nie, maar dat daar tye is wanneer dit goed vir die siel is. Wanneer hierdie toorn gerig word op lasteraars of ander sondaars om hulle te vermaan om hulle weë te verander of om hulle ten minste te skaam, plaas ons onself geheel en al in harmonie met die

bedoeling van God se geregtigheid en goedheid. Jesus se verontwaardiging – waarvan twee keer berig word – is hier teen die dood gerig. Ten spyte daarvan dat Hy deur ’n eenvoudige wilsdaad kon gedoen het wat Hy wou, was Hy tog op ’n beheerste manier vertoorn om aan te toon dat ons dit as ’n wapen teen die bose kan gebruik (Elowski 2007:19).

THEODORUS VAN MOPSUESTIA (392–428 n.C.) verklaar dat Jesus volgens die evangelis in vers 33 “greatly disturbed” was (Mopsuestia 2010:104) en ook sy toorn gedemonstreer het vanweë die ongeloof van “die Jode”. Die rede vir sy toorn in vers 38 was volgens Mopsuestia die feit dat “die Jode” die tekens wat Hy reeds gedoen het, verag het.

2.3.2.2 Interpretasies van teoloë in die negentiende en vroeë twintigste eeu

MEYER (1875:127) verklaar dat toe Jesus Maria en die skare sien ween (*κλαίουσαν*) – dit word hier emfaties gebruik – was Hy *ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι* (ergerlik in sy Gees volgens Luther se vertaling; *infremuit spiritu* volgens die Vulgaat; *inrauhtida ahmin* [Hy het gekreun in die gees] volgens die Gotiese Bybel). Die woorde *βριμάομαι* en *ἐμβριμάομαι* word volgens Meyer in die klassieke Grieks, die Nuwe Testament (vergelyk Matt. 9:30; Mark. 1:43; 14:5) en die Septuagint, nooit anders gebruik as om erge woede uit te druk nie, behalwe waar dit gebruik word om die gesnork of gegrom van ’n perd aan te dui (vgl. Aeschylus. Sept. 461; Lucean, Neycom. 20). Meyer wys egter die verduideliking van ’n emosie van skerp pyn of ’n sidderende beweging van diepe meegevoel wat nie in klank uitgedruk word nie (soos deur heelwat kommentators soos Grotius, Lücke, Tholuck en andere aanbeveel word), skerp af weens die feit dat die woord nooit elders so gebruik is nie.

Meyer (1875:128) meen ook dat die sleutel tot die rede vir Jesus se woede geleë is in die *Ἰουδαῖοι* as die teenstanders van die Evangelie. Dit maak sin as die konteks van die Johannese gemeenskap, wat “die Jode” as die vyande van die evangelie beskou het, in gedagte gehou word. Ook in vers 38 is die innerlike woede van Jesus opgewek weens die gedrag van “die Jode” toe Hy hulle sien weeklaag in simpatie met die susters van die oorledene, maar terselfdertyd beplan om Hom, ’n goeie vriend van die gesin, dood te maak. Hy kon sien dat die geweene van “die Jode” geveins was. Die byvoeging van *τῷ πνεύματι* toon aan dat Jesus hierdie verontwaardiging in sy diepste wese beleef het. Hy het homself

opgewerk, sodat die uiterlike manifestasie, die van 'n liggaamlike siddering (ἐτάραξεν) deur die woorde aangedui word, en nie die emosie self nie.

Jesus was verder ontstemd in sy gees (τῷ πνεύματι). Meyer verwys hier na Hengstenberg (1865:54) wat hierdie frase vertaal as 'n sterk innerlike emosie in die geestelike domein. In die Ou Testament is נור die setel van alle sterk passies. Dit het ook 'n fisiese reaksie tot gevolg gehad, naamlik (ἐτάραξεν) wat 'n siddering kon gewees het wat deur die omstanders waargeneem is.

PLUMMER (1896:242vv.) meen dat die woord ἐμβριμᾶσθαι op grond van die gebruik daarvan in die Nuwe Testament, klassieke Grieks en die LXX, nie as bewoënheid of hartseer nie, maar as woede en verontwaardiging gesien moet word. Hy gee as voorbeelde die volgende drie gevalle, behalwe in Johannes 11:33 en 38, waar ἐμβριμᾶομαι in die Nuwe Testament voorkom:

- i) Matteus 9:30: Jesus se “skerp aanspreek” (ἐνεβριμήθη) na sy genesing van die blindes;
- ii) Markus 1:43: Jesus stuur die geneesde melaatse weg nadat Hy hom sterk vermaan het (ἐμβριμησάμενος) om vir niemand te vertel nie;
- iii) Markus 14:5: Die verontwaardiging van die omstanders oor die “vermorsing” van die kosbare salf deur Maria. “En hulle het teen haar uitgevaar (καὶ ἐνεβριμῶντο αὐτῇ).

Geveinsdheid het volgens Plummer (1896:242) altoos Jesus se gramskap gewek (vgl. 12:10) en die blik op die geveinsde trane van sy teenstanders, “die Jode”, te midde van die smart van sy vriende kon Hom tot intense verontwaardiging beweeg het. Die gees (πνεῦμα) is die setel van religieuse emosies, die hoogste, mees innerlike deel van die mens se natuur, terwyl die siel (ψυχή) gesien is as die setel van die natuurlike emosies. Jesus was hier in sy πνεῦμα verontwaardig. Dit het gelei tot 'n uiterlike liggaamlike beweging soos 'n siddering (ἐτάραξεν ἑαυτόν). Plummer stem egter saam met Augustinus dat Jesus se emosies ten spyte hiervan steeds onder beheer was.

GODET (1900:17) wys daarop dat die Griekse woord ἐμβριμᾶσθαι wat hier gebruik word, afkomstig is van βριμάζειν (“om te runnik of te brul”). Die gebruik van die partisipium met die partikel “daarom” skep verder volgens Godet die indruk dat die rede vir die

ἐμβριμάσθαι geleë was in die feit dat almal om Hom gehuil het. Hy meen dus dat dit ’n siddering van verontwaardiging kon gewees het en verwerp kommentare wat Jesus se emosies hier suiwer as ’n uiting van smart sien. Godet verwys verder na eksegete soos Keim en Strauss wat Jesus se ontsteltenis sien as verontwaardiging oor die ongeloof van Maria en “die Jode”. Ander, insluitende Calvyn, meen volgens hom dat Jesus se verontwaardiging gerig is teen die mag van die dood en teen Satan wat hierdie moorddadige wapen teen mense gebruik (8:44). In hierdie geval sou die trane wat Jesus gestort het, medelye en empatie met die slagoffers wees.

Die woorde: “Hy was hewig ontsteld” dui volgens Godet op ’n fisiese ontsteltenis wat Jesus innerlik verwerk het, sodat Hy net daarna kon sê: “Waar het julle hom neergelê? Godet (1900:18) tref ook ’n onderskeid tussen die κλαίοντας (weeklaag) van Maria en “die Jode” en die meer beheerste ἐδάκρυσεν (geween) van Jesus.

WARFIELD (1912: Kindle 359-368) vertaal ἐνεβριμήσατο met die Engelse woorde “agitation”, “disquietude” en “perplexity”. Hierdie emosie word drie maal in die Johannes-evangelie aan Jesus toegeskryf (11:33; 12:27; 13:21). Hy is vertoornd en ontstemd oor

- die ellende waarin die dood van Lasarus vir Maria en Marta gedompel het,
- die besef dat sy “uur” by die besoek van die Grieke aangebreek het, en
- die vooruitsig dat iemand in sy binnekring Hom sou verrai en dat dit tot sy dood sou lei.

Agter die dood staan vir Warfield die een wat die mag oor dood gehad het en die sonde wat die angel van die dood verteenwoordig het. Jesus moes buig voor die realiteit dat om hierdie vyand te oorwin; die laaste gehoorsaamheid en vernedering sou vereis word wat sou lei “tot die dood van die kruis” (Fil. 2:8).

BERNARD (1929:395-401) neem as die primêre betekenis van ἐμβριμάσθαι soos gebruik in ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι (vers 34) en ἐμβριμώμενος ἐν ἑαυτῷ (vers 38) as om soos ’n perd te snork (vergelyk Æscheles *Septem c. Theb.* 461) of om verontwaardiging te toon (Dan. 11:30 LXX). Hy wys ook daarop dat die begrip ἐμβρίμημα in Klaagliedere 2:6 (LXX) vir die toorn van JHWH gebruik word.

Die begrip word slegs drie maal in die Evangelies in verband met Jesus gebruik, naamlik hier in Johannes 11, Markus 1:43 en Matteus 9:30 en elke keer dui dit op intense emosies. Die genesing van 'n melaatse, die teruggawe van gesig aan 'n blinde en veral die voorbereiding om iemand uit die dood op te wek, moes gepaard gegaan het met die uitstort van 'n onmeetlike graad van geestelike energie (Bernard 1929:392). Dit sou 'n baie sterk emosionele beleving verteenwoordig. Jesus het gesidder (ἐτάραξεν ἑαυτόν) en Hy het ook tranes gestort (ἐδάκρυσεν). Die begrip ἐμβριμάσθαι kan dus hier wel beteken dat Hy intense emosie beleef het as gevolg van die taak waarmee Hy besig was.

Die etiek van Jesus was nie die van die Stoïsyne nie en Johannes bring volgens Bernard (1929:394) miskien nog meer as die Sinoptici uit dat Jesus nie geneig het na die Stoïsyse ἀπάθεια nie.

2.3.2.3 Interpretasie van teoloë ná 1960

DODD (1965:231) meen dat die Griekse woord ἐμβριμάσθαι baie vroeg in die evangeliese tradisie moes ingekom het, want dit kom nêrens anders in die Nuwe Testament voor nie as net in Johannes 11:33 en 38, Markus 1:43, Markus 14:5 en Matteus 9:30, onafhanklik van mekaar. Hy vertaal dit in al die gevalle as 'n uitbarsting van baie sterk emosie. Hy beskou dit in die geval van Johannes 11:33 en 38 as ontstemming oor die gebrek aan geloof van “die Jode”.

BULTMANN (1971:406) is oortuig dat die hewige emosie van Jesus slegs geïnterpreteer kan word in die lig van “die Jode” se gebrek aan geloof, wat uitdrukking gevind het in hulle luide geweeklaag. In werklikheid is dit 'n simboliese prentjie van die ongeloof wat nie verstaan dat die Openbaarder van die Opstanding en die Lewe in hulle midde is nie. Daarom ween Jesus ook. Bultmann neem verder in ag daar wel sprake kan wees van die polemieë teen die weeklag vir die dode wat karakteristiek van “die Jode” was (analoog aan die polemieë van die Mandeane en Manicheërs), maar volgens hom moet die polemieë in die sin van die evangelie geïnterpreteer word.

BROWN (1966:435) noem die moontlikheid dat Jesus verontwaardig of kwaad was, eerder as beweeg deur simpatie of droefheid. Hy meen dat Hoskyns en Bultmann en ander kommentare wel 'n gangbare verklaring gee as hulle sê dat Jesus verontwaardig was oor die gebrek aan geloof by Maria en “die Jode”, maar hyself meen dat omdat Jesus Homself

hier in die sfeer van Satan se heerskappy bevind het, net soos later in Getsémané, dit wel so 'n reaksie kon ontlok het.

BARRETT (1978:398-399) is oortuig daarvan dat ἐμβριμάομαι soos wat dit in verse 33 en 38 gebruik word, dui op woede of verontwaardiging en dat dit 'n intensiewe vorm van βριμάσται is wat woede impliseer. Hy verwys ook, soos die meeste ander kommentators, na tekste soos Markus 14:5 waar die mense teen die vrou “uitvaar” oor die vermorsing van die nardussalf of die LXX in Daniël 11:30 (“Hy het sy toorn openbaar”) en in Klaagliedere 2:6 (“grimmige toorn”). Barrett verwys veral na Markus 1:43 en Matteus 9:30 waar die woord gebruik word ná genesingswonders om diegene wat gesond geword het, “ernstig te vermaan” om vir niemand te sê nie (die Messias geheim). Hy noem selfs die moontlikheid dat in Johannes 11:33 en 38 ook sprake kan wees van die Messias geheim. Jesus kon ontsteld gewees het omdat dit nie moontlik sou wees om hierdie wonder weg te steek soos die voriges nie en dit het dus beteken dat sy “uur” aan die naderkom was. “die Jode” sou Hom nou werklik doodmaak en hierdie voorkennis het Hom hewig ontstel (ἐτάραξεν ἑαυτόν). Barrett sien die ongeloof van Maria en “die Jode” as 'n verdere moontlike rede vir die ontsteltenis van Jesus in verse 33 en 38. Maria se geloof het nog nie ingesluit dat sy geglo het dat Jesus werklik vir Lasarus kan opwek nie.

SCHNACKENBURG (1988:335) vertaal die woord ἐμβριμάομαι as 'n uitbarsting van woede. Hy motiveer dit deur te verwys na die basiese betekenis van die woord, naamlik om van woede te snuif of te snork en ook na die gebruik daarvan in

- Jesus se wegstuur van die melaatse ná sy genesing, nadat Hy hom “ernstig aangespreek” (ἐμβριμησάμενος) het (Markus 1:43) ;
- die verontwaardiging van sommige toeskouers oor Maria se gebruik van die duur nardusolie om Jesus se voete te salf: “En hulle het teen haar uitgevaar (καὶ ἐνεβριμῶντο αὐτῇ)” in Markus 14:5 en
- Jesus se “skerp aanspreek” (ἐνεβριμήθη) ná sy genesing van die blindes (Mat. 9:30).

Die voorafgaande getuig almal van uiterlike tekens van verontwaardiging, terwyl die evangelis volgens Schnackenburg dit hier interpreteer as 'n innerlike woede aan die kant van Jesus (τῷ πνεύματι). Hy beskou “die Jode” se roubeklag en hulle teenwoordigheid by die susters as verteenwoordigers van ongeloof omdat hy reken dit ook in vers 38 gesuggereer word, as reaksie op die ongelowige vraag van “die Jode”. Schnackenburg wys

woede teen die dood en Satan self af omdat daar geen verwysing na Satan in hierdie konteks is nie en die dood nie hier so 'n sterk gepersonifieerde mag is soos in Paulus se teologie nie. Die evangelis beklemtoon volgens Schnackenberg hierdie woede verder deur *παράσσειν* by te voeg, wat beteken dat Jesus in sy gees bewoë/geroer of gesteurd was.

CARSON (1991:418) verwys na die buite-Bybelse betekenis van *ἐμβριμάομαι* wat die gesnork van 'n perd kan aandui, of in die geval van menslike emosies, sonder uitsondering vertaal word met woede, uitbarsting van toorn of emosionele verontwaardiging of irritasie. Hy beskou dit dus as grammatikaal onverskoonbaar om *ἐμβριμάομαι* as iets anders as toorn of ontevredenheid te vertaal. Dieselfde Jesus wat 'n verskriklike “wee julle” kon uitspreek, kon ook oor Jerusalem ween (Matt. 23:37-39). Volgens Schnackenburg is ons almal voorwerpe van sy toorn vanweë ons sonde en tog het Hy vir ons gesterf. Hy wat alles doen volgens die wil van sy Vader, is ontevrede wanneer Hy gekonfronteer word deur gesindhede en gebeure wat nie beheer word deur die waarhede wat die Vader openbaar het nie. Hy meen ook dat die sterk woord *ἐτάραξεν* wat bygevoeg word, hierdie gedagte versterk.

WITHERINGTON III (1995:203-204) verklaar *ἐνεβριμησάτο* in vers 33 as 'n innerlike woede wat ontvlam as Jesus die geweeklaag van Maria en “die Jode” aanskou. Hulle treur soos mense wat geen hoop het nie, terwyl Hy, wat die Opstanding en die Lewe is, tog by hulle is. In vers 35 ween Hy self en volgens vers 38 is Hy opnuut ontsteld in sy gees. Die rede daarvoor word in vers 37 bevestig in die verkleining en minagting vir sy wonderwerkende mag. Hulle smaal omdat Hy nie vir Lasarus kon genees nie, terwyl Hy daar is om hom op te wek. Witherington meen dat ons dit moontlik ook moet verstaan as ontsteltenis oor die feit dat sy dissipels en “die Jode” hier aan die einde van sy aardse bediening nog nie verstaan het wie Hy was en wat Hy kom doen het nie.

MALINA & RORHBAUGH (1998:199) belig hierdie wonder vanuit 'n sosiologiese hoek en maan tot versigtigheid in die interpretasie van die emosies in die perikoop in terme van Westerse ervaring, omdat emosies, volgens hulle, nie trans-kultureel is nie. Moderne Westerlinge kan hulleself nie indink in die kwaliteit en dimensies van die psigologiese ervaring wat tot huil en die reaksies daarop lei nie. Hulle meen ook dat irritasie 'n natuurlike respons by Jesus op die verwyf van Maria sou wees: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie” en dit veral ten aanhore van die hele skare van roubeklaers. Bowendien steun sommige van die Judeërs blykbaar vir Maria in haar verwyf (vers 34).

TALBERT (2005:179) onderskei tussen die Duitse en Engelse interpretasies van *ἐνεβριμῆσατο*, naamlik “diep verontwaardig” en “diep ontroer”. Hy verkies die Duitse interpretasie omdat die Griekse term wat as “diep geroer” vertaal word, dikwels vir “woede” gebruik word (vergelyk Mark. 1:43; 14:5; Matt. 9:30; Dan. 11:30 LXX) en ook in die geval van Jesus se emosies by die graf van Lasarus as sulks geneem word deur die Duitse interpretatiewe tradisie. Hy sien dit verder as refleksies op Jesus se menslikheid en ook as ’n korreksie van die Stoïsynse siening dat ’n wyse man hom distansieer van die vertoon van emosies.

BURGE (2005:107) vertaal ook *ἐνεβριμῆσατο* in vers 33 en die ooreenstemmende werkwoord in vers 38 as diepe ontstemdheid in Jesus se gees en verwys na die oorspronklike betekenis in die Griekse literatuur wat die gesnork van ’n oorlogs- of resiesperd kon beteken. Burge sien dit dus as woede of verontwaardiging, soos ook in Markus 1:43; 14:5 en Matteus 9:30. Die rede vir hierdie emosie het waarskynlik gelê in die feit dat Jesus oorstelp was deur die futiliteit van hierdie treurige scenario in die lig van die werklikheid van die opstanding. Mense wat in God glo, moet immers die kennis van die lewe hê en ook ’n geloof wat oorwinning oor die graf opeis. Jesus, die Een in wie die opstanding en die lewe ’n kragtige realiteit is, is kwaad vir die dood self en oor die verwoesting wat dit bring. Sy trane in vers 35 is nie oor Lasarus nie, maar dit staan moontlik in verband met die woede wat Hy ervaar het.

2.3.3 ’n Kombinasie van emosies

2.3.3.1 *Interpretasies van die Laat Middeleeue*

THOMAS AQUINAS (1225 – 1274)

Aquinas (vertaling van 1998) sien in Jesus se reaksie op Maria se trane dat Hy waarlik volkome God en mens is. In Hom is menslike broosheid en goddelike majesteit saam teenwoordig en daarom kan Hy in homself bewoë of ontsteld word. Aquinas meen dat hierdie emosies woede aandui en hy stel dit soos volg: “A king’s wrath is like the growling (*fremitis*) of a lion” (Spr. 19:12). Hy meen ook dat alle woede en afkeer uit pyn en droefheid gebore word. Jesus was dus kwaad vir die dood wat gekom het as gevolg van sonde en ook vir die wreedheid van dood en van die bese. Hieroor was Jesus tegelyk bedroef en verontwaardig. Jesus wou verder deur sy reaksies vir ons leer dat ons nie soos die Stoïsynse alle emosie moet afwys nie, maar dat dit ook nie aan die ander kant beheer van ons moet oorneem nie.

2.3.3.2 Die Verligting en die Hervorming

JOHANNES CALVYN

Calvyn (2010:439) meen dat Jesus ontstel is deur die trane van “die Jode” en Maria en hoewel Hy moontlik kalm sou wou bly, het Hy uit simpatie (*συμπάθεια*) met die treurendes aan sy droefheid toegegee. Calvyn sien in vers 33 die rede vir Jesus se ontstemdheid as die geweent en roubeklag van Maria en “die Jode”. Calvyn maak ’n verdere uitspraak (moontlik vanuit sy teologiese perspektief) dat Jesus moontlik ook die algemene ellende en seer van die ganse mensdom intens ervaar het. Hy het immers geweet waarvoor die Vader Hom gestuur het, naamlik om die mensdom van sondes te bevry. Dit het Hy met warmte en erns kom doen. Ook hier by die graf van Lasarus, vir wie Hy gaan opwek, toon Hy dat Hy tot so ’n mate deur ons ellende aangeraak is dat dit is asof Hy dit self in sy eie persoon verduur het.

Calvyn vra egter verder of om te kreun en ontsteld te wees werklik by die persoon van die Seun van God pas. Hy verskil van Augustinus, wat Jesus gesien het as kalm en beheers en vry van enige emosies. Augustinus het dus gemeen dat Jesus sy menslike emosies kon aan- en afskakel soos Hy dit nodig gevind het, terwyl Calvyn meen dat ons eerder moet begryp dat Jesus as die Seun van God Homself volkome met ons mensheid bekleed het, en dus ook spontaan sterk gevoelens kon ervaar. Sy emosies was egter nie sondig, selfsugtig en onbeheers nie, maar volkome onder beheer van die wil van sy Vader.

Augustinus was myns insiens moontlik beïnvloed deur die Stoïsynse filosowe wat enige onbeheerde emosie as skadelik vir ’n mens se morele karakter beskou het (Aviv 2016:34) en daarom was selfs die gedagte dat Jesus gehuil het vir hulle ondenkbaar. Dit was volgens Calvyn nie Jesus se houding nie. Hy het ook ons emosies op Homself geneem, sodat ons in sy krag alles daarin wat sondig is, kan onderwerp.

Calvyn interpreteer verder Jesus se “kreun” in vers 38 (terwyl Hy die graf nader) as die kreun van ’n kampioen wat sy teenstander nader, “for the violent tyranny of death, which he had to conquer, is placed before his eyes.” Dit was moontlik die opset van die graf, die reuk van die dood en die dood self, nie die mense se ongeloof nie, wat hierdie emosie by Hom gewek het. Calvyn (2010:442) noem ’n ander aspek van die *ἐμβριμάομαι* as hy verwys na Jesus se dankgebed in vers 41, naamlik dat die emosies van vers 34 en 38 ook ’n smeekgebed tot die Vader kon ingesluit het.

DESIDERIUS ERASMUS (1536:144-145) dui in sy parafrase van hierdie perikoop aan dat Jesus eers in sy gees gekreun het en ontsteld geword het en daarmee die realiteit van sy menslike natuur vertoon het, terwyl Hy spoedig bewys sou lewer van sy goddelike mag. Hy het ook in sy hart gesidder en was opreg ontsteld (vers 33), maar Hy het ook hierdie gevoelens uit doelbewuste keuse op Homself geneem. Die rede vir Jesus se trane was egter nie dieselfde as die van die ander nie. Hulle het met 'n suiwer menslike emosie oor die dood van die liggaam getreur. Jesus was egter eerder tot verontwaardiging beweeg deur die sondes van die mensdom waardeur so baie siele verlore gaan. Hy was ook besorg oor die ongeloof van “die Jode”. Hulle het oor die liggaamlike dood van hulle vriend gehuil, terwyl hulle op pad was na die ewige dood en eintlik oor hulleself moes treur. Hy was ook verontwaardig dat vir baie sy lering, sy wonders en ook sy dood niks sou beteken nie. Nadat Hy bewys gelewer het van sy menslike natuur deur die siddering van sy gees en die droefheid van sy hart, sy gesig, sy oë en sy hele liggaamshouding (en ons daarmee geleer het dat geen toegee aan sulke emosies ons aandag moet aftrek van die dinge waar krag betrokke is nie), het Hy sy hart se droefheid beheer en gesê: “Waar het julle hom neergelê?” Jesus se droefheid het Hom weer oorweldig toe Hy die graf sien en Hy het geweene (vers 35). Hy het weer gekreun en was diep ontsteld om aan te toon hoe baie berou en trane nodig was vir iemand wat lank in sonde geleef het en geestelik dood was, en dat dit nodig is om iemand deur die genade van God na 'n lewe van onskuld terug te bring. Daarmee het Hy terselfdertyd gedemonstreer wat dit is wat in ons vertoon moet word as ons wil loskom van die kwaad waaraan ons so lank gewoond was.

2.3.3.3 Negentiende tot vroeg-twintigste eeu

HENGSTENBERG (1865:53) meen dat as ons by die oorspronklike betekenis van die woord *βριμᾶσθαι* hou, ons moet aanvaar dat Jesus se emosie hier luide en hewige verontwaardiging was. Hy voer in hierdie verband aan dat volgens Lücke, die leksikale definisie “of a scholiast upon Aristophanes, Equites 851, *βριμᾶσθαι, τὸ ὀργίζεσθαι καὶ ἀπειλεῖν*” deur alle leksiograwe aanvaar word. Hengstenberg baseer sy uitspraak op die feit dat die antieke Griekse Bybelverklaarders, wat nog die lewende fraseologie voor hulle gehad het, dit so vertaal het. Hy staaf sy stelling deur aan te dui dat Gumlich (1894) in sy omvattende traktaat oor die opwekking van Lasarus, om hierdie rede slegs die bostaande betekenis aanvaar. Die woede was volgens hom moontlik nie teen die ongeloof en luidrugtige geweeklaag van Maria en “die Jode” gerig nie, want Jesus ween ook later. Hengstenberg maak dus hier die afleiding dat Jesus se hewige toorn slegs gerig was teen

die groot vyand, die dood, wat die oorsaak van al die smart was wat Hy aanskou het. Daarom tree Hy toe tot die stryd teen die dood, deur te vra: “Waar het julle hom neergelê?” Jesus het wel groot empatie met hulle wat ly – ook hier. Hengstenberg maak in hierdie verband ook ’n verdere teologiese aanname, naamlik dat Jesus vir Lasarus hier sien as die verteenwoordiger van alle gelowiges wat ontslaap; en dat ons die versekering het dat Jesus juis gekom het om die laaste vyand te oorwin (1 Kor. 15:26). Jesus noem Satan “’n mensemoordenaar van die begin af” (Joh. 8:44) en in Hebreërs 2:14 word Satan beskryf as die heerser van die dood self, wat deur Christus vernietig is. Die dood en Satan is in die Skrif onafskeidbaar aan mekaar verbonde. Dis egter myns insiens nie direk uit die teks sigbaar nie.

CORNELIUS A LAPIDE (1908:400) meen dat Christus die gevoel en die handeling van “kreun” of “mompel”, dit wil sê van verontwaardiging in gees of denke ervaar het. Hy kon ook die droefheid wat Hy deur die dood van Lasarus ervaar het, hiermee uitgedruk het en deur die geweene van Maria en sy eie gekreun, Homself gereed gemaak het vir sy stryd teen die dood. Hy wou so ook aandui hoe moeilik die opwekking van Lasarus sou wees as hy al vier dae dood was. Soos Augustinus gesê het: “In die stem van verontwaardiging verskyn die hoop van die opstanding.” So kreun soldate as die veldslag op hande is, want deur hulle woede word hulle vir dapperheid in die stryd geslyp. Hierdie gekreun is ook gerig teen die dood en die duiwel deur wie se jaloesie die dood in die wêreld gekom het. Jesus was ook ontsteld in sy gees in die lig van Maria en Marta se smart – dit sou wreed en onmenslik wees as Hy dit nie in hierdie omstandighede vertoon het nie. Sy gevoel van droefheid was nie net vir die agterblywendes nie, maar ook vir Lasarus en vir alle mense, en die verontwaardiging het die jammerte vergroot en terselfdertyd het dit ywer verwek om tot die daad oor te gaan en die moeilikhede weg te neem.

Volgens WESTCOTT & WESTCOTT (1908:170) bring hierdie wonderwerk verskeie fasette van Jesus se bediening na vore wat nie elders so duidelik uitgespel word nie. Dit is eerstens nie die eenvoudige uitoefening van soewereine, passielose mag nie. Dit volg op ’n spontane en diepe begrip van die leed van die lydendes en die oorsaak van hulle lyding (verse 33-38). Hulle sien *ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι* as verontwaardiging of woede in Jesus se gees en verwerp dus die betekenis van intense droefheid, soos wat sommige dit sien.

Hulle sien verder ook ’n probleem in die sintaksis raak: Is die gees die sfeer, die instrument of die objek van die emosie? As dit objektief bedoel word (teen die sinskonstruksies wat

die datief aangee), sou dit beteken dat Jesus sy gees in toom probeer hou het. As die datief gebruik word soos bedoel, is τῷ πνεύματι hier 'n beskrywing van sy innerlike verontwaardiging in sy gees. Die herhaling van dieselfde woord in vers 38 dui volgens Westcott & Westcott op laasgenoemde. Volgens hulle moet dit egter ook in ag geneem word dat die wonderwerke van Jesus nie net geleë was in die spreek van magswoorde nie. Op 'n wonderbaarlike manier was dit altyd met empatie deurspek. Hy het die lyding en siekte van mense op Hom geneem (Matt. 8:17). In die geval van die vrou wat sy kleed aangeraak het, het Hy gevoel dat krag van Hom uitgegaan het. Die woorde ἐτάραξεν ἑαυτόν dui dan volgens hulle daarop dat Jesus vrylik daardie menslike gevoelens waaronder alle ander mense gebuk gaan, aangeneem het en dat hierdie sterk gevoel van verskrikking en verontwaardiging ook uiterlik gemanifesteer het, soos wat ἐτάραξεν aandui.

Dis volgens ERDMAN (1917:103) moeilik om te weet wat met “Jesus groaned in the spirit, and was troubled” bedoel word – moontlik 'n diep verontwaardiging in sy gemoed oor die dood en die ellende wat daarmee saamgaan. Ons weet ook nie hoe sterk dit uitgedruk is nie – moontlik deur 'n siddering wat sy liggaam geskud het. Die feit dat Jesus ook geween het, dui volgens Erdman aan dat Hy ten spyte van die verontwaardiging ook 'n diepe deernis met Maria gehad het.

2.3.3.4 Laat twintigste eeu en later

NEWBIGIN (1982:143) beskryf die feit dat Jesus “deeply moved and troubled” was, as beide droefheid en woede. Hy meen ook dat ons die werklike rede daarvoor dalk nooit sal weet nie, maar dat dit tog die moeite werd is om te let op ander gebeure in die Skrif wat Jesus tot diepe emosies beweeg het, veral wanneer Hy in konflik met die magte van die duisternis was. So het Hy mense wat deur siekte aangetas was, sterk vermaan (bv. Mark. 1:43; Matt. 9:30) en het Hy geween oor die koppige onbekeerlikheid van Jerusalem (Luk. 19:41). Hy was veral diep ontsteld in die Tuin van Getsemane (Mark. 14:32-42 en ooreenkomstige plekke) en sy verontrusting in die aangesig van verraad was ook duidelik (13:31). Al hierdie gebeure het te doen gehad met sy konflik met die “prins van hierdie wêreld”. Ook die skrywer van die Hebreërbrief vermeld dat Jesus gedurende sy aardse lewe “aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer (het) met harde geroep en met tranen” (Heb. 5:7). Newbegin meen dus dat ons moontlik op grond hiervan kan sê dat in die onmiddellike teenwoordigheid van die dood en die hopelose ongeloof van

sy vriende, Jesus te staan gekom het voor die mag wat Hy gekom het om te vernietig – ’n mag wat Hy net kon oorwin deur sy eie lewe daarvoor te gee.

KYSAR (1986:180–184) interpreteer ook *ἐνεβριμήσατο* as ’n aanduiding van woede. Dus sien hy as eenvoudigste oplossing dat Jesus, toe Hy “die Jode” en Maria sien ween, kwaad geword het by aanskoue van die verwoestende effek wat die dood op mense het. Die Skepper is afgestoot en ontstel deur die wyse waarop dood en lyding die goedheid van die skepping verwing en die lewens van mense verwoes. Die term *ἐτάραξεν ἑαυτόν* (Hy het Homself ontstel), word in 12:27 en 13:21 gebruik wanneer na sy komende lyding en die verraad van Judas verwys word. Dit is egter hier só nou verbind aan die opset en die voorafgaande werkwoord dat die gevolgtrekking gemaak moet word dat droefheid en pyn by die sien van die roubeklaers bedoel word. Hierdie twee uitdrukkings, tesame met die herhaling van “diep bewoë” (in die sin van woede) in vers 38 en die trane in vers 35, demonstreer die realiteit van Jesus se mensheid vir die evangelis en ook die passievolle aard van sy godheid. Dit is wel menslike gevoelens van Hom wat vir ons mens geword het, maar dit is ook uitdrukkings van die pyn wat in God opgewek word wanneer mense ly. Jesus se pynlike emosies is ook dié van die Vader, wat beweeg word deur die verwoesting van menselewe deur pyn en dood. God ly dus wanneer sy skepping ly.

BEASLEY-MURRAY (1987:193-195) voeg hom by Schnackenburg wat Jesus se emosies in verse 33 en 38 as toorn vertolk en neem die Duitse weergawe van Bauer se Leksikon van die Griekse Nuwe Testament as getuie daarvoor. Hy meld egter dat die Engelse vertaling van die leksikon die term *ἐμβριμάσθαι*, wat in Duits as *innerlich ergrimmen* verklaar is, verklaar het as “to be deeply moved”. Hy meld ook dat kritici wat die Evangelie as ’n uitbreiding van ’n vroeëre narratief beskou, meen dat *ἐνεβριμήσατο* reeds in die oer-manuskrip voorgekom het. Dit is egter die ekwivalent van *ἐτάραξεν ἑαυτόν*, wat daarop dui dat die laasgenoemde frase ’n latere byvoeging by die oorspronklike teks is.

Wat die oorsaak van hierdie ontevredenheid betref, meen Beasley-Murray dat die antwoord geleë is in die gehuil van die skare – soos mense wat nie hoop het nie, ten spyte van die baie tekens wat Jesus onder hulle gedoen het wat getuig het van sy goddelike gesag. Dit was die ongeloof van die volk van God in die teenwoordigheid van Hom wat die “opstanding en die lewe” is, wat Hom so ontstem het. Sy trane in vers 35 toon egter dat daar ook deernis was, hoewel dit nie trane van droefheid oor Lasarus se dood was nie. Hy

het immers geweet dat Hy hom gaan opwek! Dit sou vir Beasley-Murray in harmonie wees met wat ons van Jesus uit die Evangelies weet – dat woede oor ongeloof gebalanseer is deur hartseer oor die tragedie van die menslike situasie, waarvan die kinders van God nie gespaar word nie.

LINCOLN (2005:326) meen dat Jesus se emosie in verse 33 en 38 beskryf moet word as “angry and greatly agitated” op grond van die feit dat die werkwoord ἐμβριμάομαι konsekwent in die Nuwe Testament en ook in die Septuagint hierdie betekenis het. Hy verwys in hierdie verband na Daniël 11:30 LXX, Matteus 9:30; Markus 1:43 en 14:5. Jesus vra in vers 34 waar hulle hom neergelê het. Wanneer hulle Hom nooi om te kom kyk, huil Jesus. Hier verander sy woede en irritasie volgens Lincoln in ’n openlike geween. Dit sterk die interpretasie dat hierdie emosies – eers die woede en irritasie en toe die geween – gerig is teen die dood en die pyn wat dit meebring. Dit maak volgens hom nie sin dat Jesus verontwaardiging beleef omdat Maria en “die Jode” uit ongeloof huil nie, want dan sou Hy tog nie ook gehuil het nie. Jesus identifiseer egter wel met die pyn en verlies van sy familie oor ’n geliefde wat heengegaan het.

Daar is verder volgens Lincoln genoeg aanduidings dat die dood van Lasarus vir Jesus ook ’n vooruitskouing van sy eie dood aan die kruis was. Maria wat by die graf van haar broer by die voete van Jesus neerval, sou net so voor Hom neerkniel wanneer sy net ’n paar dae later sy voete salf en met haar hare afdroog.

VOORWINDE (2005:170) vertaal ook ἐμβριμάσθαι as “woede”, maar ’n innerlike woede binne-in Jesus self (ἐν ἑαυτῷ). Die feit dat Jesus met hierdie emosie reageer toe Hy Maria en “die Jode” sien huil, beteken volgens Voorwinde nie dat Hy vir hulle daarvoor kwaad was nie. Hy was egter kwaad oor die rede waarom hulle gehuil het. Voorwinde sluit hier by Calvin (1956) en Warfield (1900) aan dat Jesus besig was om die groot vyand, die dood, wat Hy op die punt gestaan het om te oorwin, te nader. Daar is egter volgens Voorwinde (2005:176) ’n dieper rede vir sy woede. Jesus was besig om reeds hier die felheid en verskrikking van sy kruisdood te beleef. Hy was nie net kwaad hieroor nie, maar ook diep besorg en geroer (ἐτάραξεν ἑαυτόν). Die betekenis van ἐμβριμάσθαι en ἐτάραξεν smelt vir Voorwinde hier saam in ’n emosie van woede oor die verwoesting wat dood bring en ’n diepe besorgdheid en meegevoel met die slagoffers van die dood.

Voorwinde (2005:179) brei verder uit op die betekenis van ἐτάραξεν ἑαυτῶ, wat óf refleksief óf passief geles word, met ander woorde dat Jesus Homself ontstel/beweeg het of dat Hy bewoë of ontsteld was, na aanleiding van Bauer se vertaling van 'n reël in onder meer die refrein in Ps. 41:6 LXX, wat 'n sinoniem vir ταρασσω bevat en dus as voorloper vir die uitdrukking in vers 38 as geheel kan dien. In dié Psalm (Ps. 42:6 in ons Bybel) sê die digter: “Waarom is my siel *onrustig in my?*” Voorwinde kies dus op grond van die refleksiewe gebruik in die Psalms en elders die refleksiewe betekenis wat 'n sekere inisiatief by Jesus in sy besorgdheid aandui. Die keuse van terminologie om Jesus se emosies op hierdie punt aan te dui, staan nie alleen nie. Dit sluit deur die gebruik daarvan in die Psalms ook aan by die gebruik daarvan in die Sinoptiese Getsémané-narratiewe. Dit is ook nie te skei van die latere verwysings van Jesus se ontsteltenis in bv. Johannes 12:27 en 13:21 nie en dui dus reeds hier by die graf van Lasarus op 'n voorkennis van sy eie dood.

2.4 OPSOMMENDE INTERPRETASIE VAN DIE *WIRKUNGSGESCHICHTE*

Die *Wirkungsgeschichte* van Johannes 11:33-38 moet vanuit die verskillende tydperke in die geskiedenis van die kerk beoordeel word omdat die konteks van elke betrokke tydperk 'n merk op die verstaan van die Skrif gelaat het.

2.4.1 Die vroeë Christelike era tot die Middeleeue

Hier speel die feit dat Jesus deur sy emosies by die graf wou toon dat Hy werklik mens was, 'n belangrike rol. Daar word ook klem gelê op die feit dat Hy sy emosies beheer het, en dat Hy daarin vir ons 'n voorbeeld was. Vier uit die nege kommentare wat geraadpleeg is, meld dat Hy ons deur sy voorbeeld van medelye ook leer om medelye te hê met hulle wat ly. 'n Allegoriese Skrifuitleg kom ook na vore in die wyse waarop Lasarus sinnebeeld word van mense onder die mag van Satan en die dood. Jesus ween dus oor die gevalle toestand van die mens onder die sonde en sy toorn is gerig teen Satan en die dood. Hy is ook volgens een kommentaar, verontwaardig oor die ongeloof van “die Jode”. Slegs een kommentaar dui aan dat Jesus ontsteld was in die wete dat Getsémanép besig was om vir Hom nader te kom.

In die laat Middeleeue verwoord Aquinas ook die gedagte dat Jesus se woede en afkeer teen die sonde wat Hy hier ervaar, gebore is uit die pyn en droefheid wat die sonde en dood bring in die lewens van die mense wat God lief het.

2.4.2 Verligting en Hervorming

Die drie kommentare wat hier geraadpleeg is, lê sterk klem op die feit dat Jesus sy menslikheid in sy emosies openbaar het. Hy het ook ons emosies op Hom geneem. Die kommentare is eenstemmig daarvoor dat 'n kombinasie van emosies tegelyk hier waargeneem kan word:

- (i) Jesus het empatie met Maria en Marta oor die dood van hulle broer, maar is ook bedroef oor die ellende en seer wat deur sonde in die wêreld gekom het.
- (ii) Daar is verder toorn en ook droefheid oor die ongeloof van “die Jode” omdat hulle op weg was na die ewige dood.
- (iii) Jesus staan voor sy groot teenstander, die dood en kreun soos 'n kampioen wat sy vyande nader (Calvyn).

2.4.3 19de eeu tot ongeveer 1960

- (i) Hier word sterk klem gelê op die toorn van Jesus oor die ongeloof van “die Jode” as teenstanders van die gelowiges, die geveinsdheid van die roubeklaers wat saam met Jesus treur by die graf van sy vriend maar terselfdertyd ook sy dood soek, maar veral toorn teen die sonde en die dood as gevolg daarvan.
- (ii) Daar word terselfdertyd ook beklemtoon dat daar by Jesus groot empatie was met hulle wat ly, soos blyk uit die feit dat Hy saam met hulle geween het (11:35).
- (iii) Daar word verder ook daarop gewys dat daar ook ontsteltenis by Jesus was oor die feit dat sy “uur” besig was om te kom.

2.4.4 Ná 1960

Ook hier word Jesus se emosies gekoppel aan sy menslikheid. Die volgende redes vir Jesus se emosies van ontroering, droefheid en ontsteltenis word gewoonlik in hierdie fase uitgelig:

- (i) Daar is by Jesus diepe ontroering by die wete dat sy eie dood naby is – dat sy “uur” aan die kom is;
- (ii) Hy is ontsteld en bedroef by die aanskouing en aanhoor van die susters se leed omdat die dood hulle broer weggeneem het en ook oor Maria se verwyten aanhoor van die skare roubeklaers;
- (iii) Hy is ook ontsteld omdat Hy Homself hier in die sfeer van Satan en in direkte konflik met die bose magte bevind.

Sommige kommentare plaas weer die klem op Jesus se toorn en gee die volgende redes daarvoor:

- (i) Daar is by Hom toorn oor die sonde van die mens en oor alles wat buite die wil van sy Vader is.
- (ii) Hy is toornig oor die ongeloof van “die Jode” en die onbegrip van sy dissipels en “die Jode” ten opsigte van sy taak hier op aarde.
- (iii) Daar is tranes van woede oor die verwoesting wat die dood aanbring. (Kysar se opmerking dat God ly wanneer sy skepsels ly, wek hier ’n vermoede dat Jesus ook hier na sy Godheid die emosie van toorn en droefheid ervaar.)

Kommentare wat beide emosies van toorn en droefheid in die perikoop identifiseer, gee die volgende redes daarvoor:

- (i) Toorn en droefheid word gekombineer as gevolg van Jesus se direkte konflik met die magte van die Bose.
- (ii) Daar is by Jesus woede oor die ongeloof van die omstanders, gebalanseer deur droefheid oor die tragedie van die menslike situasie waaraan ook God se kinders onderworpe is.
- (iii) Hy is ontsteld oor sy eie lyding wat voorlê en het ook saam daarmee meelewing met die familie se pyn.
- (iv) Hy is kwaad, maar ook diep besorg en ontroer deur die nabyheid van sy eie lyding en is verder gevul met besorgheid en meegevoel met alle slagoffers van die dood.

2.5 GEVOLGTREKKINGS

Daar kan reeds vanuit die *Wirkungsgeschichte* en die vertalings sekere voorlopige gevolgtrekkings gemaak word oor hoe die emosies van Jesus in die verlede geïnterpreteer is.

2.5.1 Was Jesus se uitdrukking van emosies in Johannes 11 Goddelik of menslik?

Verreweg die meeste kommentare sien die emosies van Jesus in Johannes 11 as bevestiging van die feit dat Jesus volkome mens was en juis sy menslikheid betoon het deur menslike emosies te openbaar. Van al die kommentare wat geraadpleeg is, lig slegs Kysar Jesus se passievolle Godheid eksplisiet uit, hoewel geeneen egter die Godheid van Christus ontken nie.

2.5.2 Die tipes emosie wat voorkom

Uit die woordeboekvertalings, Bybelvertalings en ook die *Wirkungsgeschichte* wat hierbo bespreek is, kom veral drie tipes emosie of ontroering in die interpretasies na vore, naamlik:

- (i) *toorn* wat verontwaardiging, irritasie of innerlike spanning kan insluit (soos van 'n kampioen wat teenoor sy grootste teenstander te staan kom);
- (ii) *droefheid*, wat pyn, meelewing en empatie kan insluit;
- (iii) *ontsteltenis* wat uiterlik sigbaar kan wees en deur woede, pyn, droefheid en empatie of uit 'n kombinasie daarvan veroorsaak word.

Uit die kommentare blyk ook dat hierdie emosies nie noodwendig geïsoleer van mekaar gesien is nie, maar in verband met mekaar. Jesus se toorn kan byvoorbeeld moontlik gesien word as voortspruitende uit sy pyn oor die sonde, ongeloof, die dood en die lyding wat dit meebring.

2.5.3 Moontlike oorsake van die emosies

'n Aantal moontlike redes vir Jesus se emosies in Johannes 11:33 - 38 word nou hier onder gelys in dalende volgorde van belangrikheid, volgens die frekwensie van hulle voorkoms in die kommentare wat geraadpleeg is.

- (i) Die meeste kommentare beskou die ellende as gevolg van sonde as rede vir Jesus se toorn en droefheid en meen dat die woede van Jesus direk op Satan en die dood gerig is.
- (ii) Jesus se empatie met hulle wat ly, kom in veertien van die kommentare voor.
- (iii) Daar is by nege kommentators 'n gevoel dat die ongeloof en onbegrip van die roubeklaers van wie Hy was en wat Hy kom doen en veral die ongeloof en geveinsdheid van “die Jode”, Jesus se toorn verwek het.
- (iv) Die besef van die nabyheid van sy “uur” wat sy verhoging aan die kruis ingehou het, kan volgens agt kommentare ook as 'n belangrike rede vir Jesus se emosies in hierdie perikoop beskou word.
- (v) Sommige meen dat Jesus verontwaardig was teenoor Maria en Marta omdat hulle Hom verwyt het omdat Hy nie eerder gekom het nie.

In hoofstuk 4 sal hierdie redes wat uit die kommentare verkry is, saam met verdere kriteria gebruik word om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande die emosies wat hier ter sprake is.

3. HOOFSTUK 3

3.1 INLEIDING

Die emosies van Jesus, soos geïdentifiseer uit die *Wirkungsgeschichte* van die Lasarus-narratief, moet geweeg word aan die hand van 'n aantal kriteria om te bepaal wat as die beste interpretasie vir die emosies van Jesus in Johannes 11:33-38 beskou kan word.

Die kriteria wat aangewend sal word vir 'n eie interpretasie van die emosies van Jesus in Johannes 11:33-38, word dus vervolgens bespreek.

Die volgende vrae moet beantwoord word in die soeke na die beste interpretasie van die emosies van Jesus in hierdie narratief:

- (i) Hoe is emosies in die Judese en Hellenistiese wêreld van die eerste-eeuse Christendom verstaan?
- (ii) Op watter wyse is die woorde ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν en ἐδάκρυσεν normaalweg in die Nuwe Testament en ander Griekse literatuur van daardie tyd verstaan?
- (iii) Tot watter mate pas die uitbeelding van Jesus se emosies in by die strekking van die narratief van Johannes 11 en by die teologie van die Johannes-evangelie?

3.2 DIE ROL VAN EMOSIES IN DIE EERSTE-EEUSE CHRISTENDOM

Hier moet veral gelet word op die aard van emosie as fenomeen en die belangrikheid daarvan om dit ook te sien as afhanklik van konteks en kulturele omstandighede.

3.2.1 Die aard van emosie as psigologiese fenomeen

Sedert William James in 1887 gevra het na 'n definisie van emosie, is daar volgens Fontaine & Scherer (2013:8) nog steeds geen konsensus daaroor nie. Vrae wat gevra word, is: Hoeveel emosies is daar? Is sommige meer basies as ander? Hoe moet hulle voorgestel word? In kategorieë of in dimensionele ruimtes?

Die basiese emosie-teorieë van byvoorbeeld Ekman (1999), stel die bestaan van 'n paar universele, biologies gewortelde en kategorieë verskillende emosionele prosesse voor. Daar is nie algemene konsensus oor hoeveel basiese emosies daar is nie, maar daar is vier sogenaamde families of klusters wat herhaaldelik opduik, naamlik vreugde, hartseer, woede

en vrees (Fontaine & Scherer 2013:106). Aristoteles en Plato het die woord “passie” (*pathos*) gebruik om na emosie te verwys. Liefde, vreugde, jaloesie, vrees, haat en droefheid is woorde wat telkens in die Nuwe Testament voorkom om emosies te beskryf.

Lyons (1980:1) onderskei tussen drie klassieke strominge in die teorie van emosie: die gevoelsteorie, die behavioristiese (gedrags-) teorie en die psigo-analitiese teorie. Filosofe het egter van die vroegste tye af emosie vanuit een van twee standpunte benader, naamlik kognitief of nie-kognitief (Elliott 2006:18). So het Plato emosie teenoor rasonale denke geplaas, terwyl Aristoteles gemeen het dat ’n mens byvoorbeeld eers woede beleef as daar ’n intellektuele bewustheid is dat jy te na gekom is. Descartes het weer geglo dat die mens uit ’n liggaam en ’n siel bestaan. Die siel se funksie is tweeledig. Aan die een kant is daar die begeertes wat gemik is op iets immaterieel soos byvoorbeeld God, en aan die ander kant die passies. Passies of gevoelens is “all kinds of perception or forms of knowledge which are found in us” (Aanhaling van Lyons 1980:2 uit Descartes 1911-12, Art. x). Die belangrike vraag wat hier gestel moet word, is of emosie nie-kognitief of kognitief is. Vir hierdie studie is dit belangrik om hierdie vraag te beantwoord, want as emosie net ’n fisiologiese fenomeen is, is dit transkultureel en vir alle mense van alle tye dieselfde. Indien nie, behoort daar gekyk te word na hoe emosie in verskillende kulture op kognitiewe vlak werk en interpreteer word.

3.2.1.1 Nie-kognitiewe teorieë van emosie

Charles Darwin word deur baie gesien as die baanbreker van die moderne wetenskaplike benadering tot emosie. Hy het die emosies van primate bestudeer en, soos die vroeë filosofe (Plato en andere), tot die gevolgtrekking gekom dat emosies nie-kognitief is.

Volgens Izard, Kagan en Zajonc (1984:3) stem die meeste teoretici saam dat daar drie aspekte of komponente van emosie is, naamlik die neurofisies-biologiese, die motoriese of gedrags-ekspressiewe en die subjektiewe belewingsaspek. Elliott (2006:20) verwys daarna as fisiologiese gebeure, emosionele gedrag en bewustelike ervaring wat geverbaliseer kan word. Zajonc is ’n sterk voorstander daarvan dat emosie moontlik is sonder kennis en sy argument is dat ons kan kwaad word sonder om eers daarvoor te dink. Ook Izard wys daarop dat babas emosie toon voordat hulle kognitiewe funksies ontwikkel het (Elliott 2006:24).

Wetenskaplikes soos onder meer Ekman en Izard het, in navolging van Darwin, ’n studie gemaak van die verband tussen gesigsuitdrukkings en emosie en tot die gevolgtrekking gekom dat beweging van gesigspiere ’n invloed op emosie kan hê. Ekman het ook in latere

studies getoon dat manipulasie van die gesigsuitdrukking ander liggaamlike veranderinge kan teweegbring, wat as emosie vertolk kan word, of wat emosie naboots. Verder meen Izard (Elliott 2006:26) dat elke emosie volgens 'n unieke neuro-chemiese proses plaasvind.

Die voorstanders van die nie-kognitiewe teorie kan egter nie ontken dat emosies ook 'n kognitiewe komponent bevat nie.

Daar is volgens Elliott (2006:27-28) vier basiese redes waarom die nie-kognitiewe teorie sterk bevraagteken moet word, naamlik:

- (i) As 'n emosie totaal intern en nie-kognitief is, kan dit nie benoem word nie, want daarvoor is taal en denke nodig.
- (ii) In die nie-kognitiewe teorie kan emosies nie gesien word as motivering vir gedrag nie. 'n Mens hardloop nie vir 'n beer weg omdat jou hart vinniger klop nie, maar eerder omdat jy weet dat bere mense verskeur.
- (iii) 'n Emosie kan gedifferensieer word volgens wat die liggaam voel, maar die fisiologiese sensasie is nog nie die emosie nie. 'n Versnelde hartklop kan wel vrees aandui, maar dit kan bloot 'n fisiologiese toestand as gevolg van oefening of siekte wees. Dit is die kognitiewe aspek wat dit wel as 'n emosie kan interpreteer.
- (iv) In 'n nie-kognitiewe benadering kan emosie ook nie geëvalueer word nie.

3.2.1.2 Kognitiewe teorieë van emosie

Sokrates het reeds in die vyfde eeu v.C. 'n kognitiewe benadering tot emosies gevolg en bewuste rede as weg tot goedheid en heling beskou. In resente studies oor emosie word hierdie siening bevestig. Watts (1997:243), verwys in dié verband na Williams en andere soos Ortony, Clore en Collins as voorstanders van die kognitiewe benadering. Hy dui dan daarmee aan dat eksperimentele navorsing 'n toenemende bewustheid gebring het van hoe emosionele toestande soos angst of depressie verband hou met sekere prosesse in die aandag en geheue, wat 'n groot rol kan speel in die bestuur van emosies.

Damasio (2006) het 'n studie gemaak van pasiënte wie se breinfunksies beskadig is. Hy het gevind dat wanneer die affektiewe funksies degenereer, ook die kognitiewe funksies wanfunksioneer. 'n Persoon se denke kan so akkuraat soos 'n rekenaar werk, maar as die affektiewe funksies beskadig is, kan hy/sy nie 'n produktiewe lewe lei nie (Damasio 2006: Kindle 1162). Hy maak dan ook verder die stelling dat emosie dus nie as 'n laer ewolusionêre funksie beskou kan word nie. As emosie kognitief is, beteken dit egter nie

dat dit sonder die affektiewe kan funksioneer nie. Hy staan dus 'n sterk integrasie tussen affek en rede voor.

Feldman Barrett (2017:xv) sien emosies nie as van meet af aan ingebou in die menslike brein nie, maar as opgebou uit basiese onderdele. Sy staan 'n teorie van gekonstrueerde emosie voor en verklaar in verband daarmee:

They are not universal, but vary from culture to culture. They are not triggered; you create them. They emerge as a combination of the physical properties of your body, a flexible brain that wires itself to the environment it develops in, and your culture and upbringing, which provide that environment.

Emosie is volgens Feldman Barrett nie 'n enkele "iets" nie, maar 'n kategorie van gebeure en elke emosie-kategorie kan geweldige variasies in gedrag veroorsaak. So kan, byvoorbeeld, woede as iemand geterg word, veroorsaak dat daardie persoon vloek, terugterg of gewoon net sy/haar wenkbroue sal lig (Feldman Barrett 2017:17). Dit hang alles af van watter aspekte van emosionele konstruksie daar gebruik gemaak word. Daar is byvoorbeeld sosiale konstruksies wat saamhang met persepsies uit ons omgewing en die waardes wat daaraan geheg word (Feldman Barrett 2017:34), psigologiese konstruksies wat te doen het met die neurokonstruksies of "paaie" wat die brein op grond van vorige ondervindings gemaak het. Al hierdie konstruksies werk saam om die emosie te vorm en die gedrag wat daarmee saamgaan, te bepaal.

Daar moet met Elliott (2006:31) saamgestem word dat 'n kognitiewe benadering van emosie daartoe lei dat denke, waardering en geloof, herken word as sentrale elemente van emosie. Dit verskaf ook 'n verklaring vir die verskillende reaksies op soortgelyke situasies deur verskillende persone en bied dus 'n koherente teorie van emosie. Emosie kan dus hiervolgens ook gesien word as 'n indikator van geloof en waardes en emosies word dan ook 'n integrale deel van menslike rede en etiek.

Ek wil dus uit die bostaande aflei, dat hoewel emosie op biologiese vlak algemeen geldige eienskappe toon (soos wat aangetoon is in eksperimente met beide ape en mense), dit terselfdertyd 'n affektief-kognitiewe komponent bevat wat onderskei, maar nie werklik geskei kan word van mekaar en van die biologiese komponent nie. Dit impliseer betrokkenheid van waardes, tradisies, gewoontes en so meer, wat eie is aan 'n persoon en die gemeenskap waarvan hy/sy deel is en wat op sy/haar emosies 'n invloed kan hê. Dit

bevestig dan ook dat daar nie net vanuit die psigologie nie, maar ook vanuit die kulturele antropologie na emosies gekyk moet word.

3.2.2 'n Benadering tot emosies vanuit die kulturele antropologie

Die kultuur van die eerste eeu is sterk beïnvloed deur die Hellenisme omdat die hele wêreld van daardie tyd deur die Hellenisme geïnfiltreer was. Die filosowe van daardie tyd kan dus inligting bied oor hoe emosie in daardie tyd verstaan is. Die skrywers van die Nuwe Testament het in hierdie tyd geleef en die insigte van daardie tyd, sowel as hulle verstaan van die Skrif (Ou Testament) geïnterpreteer vir die tyd waarin hulle geleef het. Hierdie bronne is deur geleerdes van die kulturele antropologie ondersoek en daar kan op hulle insigte gesteun word.

3.2.2.1 Die invloed van die Hellenistiese filosowe

Die filosowe van die eerste eeu is deur almal, van die keiserlike hof tot die gewone mense wat op die markplein na die orators geluister het, geken. Hulle optredes was juis daarop gemik om die lewe van die individu beter te maak. Hoewel Plato en Aristoteles tussen vier en vyf eeue tevore geleef het, was hulle invloed steeds sigbaar in die werke van die filosowe van die vroeë Christelike era. Volgens Nussbaum (2009:3) het die Hellenistiese filosofiese skole in Griekeland en Rome almal die filosofie beskou as 'n middel om die pynlike probleme van die mens se lewe aan te spreek en sodoende hulle lewens te verbeter. Hulle het die filosofie gesien as 'n tipe simpatieke geneesheer wie se kuns baie lyding kon verlig en heling kon bring. Hulle het dus gefokus op aspekte wat vir die alledaagse bestaan relevant was, soos die vrees vir die dood, liefde, seksualiteit, woede en aggressie. Hulle het veral baie gemaak van die begrip van begeerte as 'n soort sentrale emosie. Hulle doelstellings was prakties en het impliseer dat emosies geanaliseer moes word en gerig moes wees op die doel, of anders onderdruk moes word. Wanneer iemand die regte emosies kon hê en skadelike emosies kon vermy, was hy/sy gelukkig (Elliott 2006:70).

Epikurus was van mening dat 'n filosofie wat nie mense se lyding verlig nie, geen betekenis het nie. Hy het geglo dat deur dit te verander waarin jy glo, jy jou lewe kan verbeter. Hy was ook skepties oor die rasonale aard van die mens en die menslike samelewing. Daarom was hy meer skepties as Aristoteles oor die positiewe waarde van emosies. Emosies was, volgens die Epikuriërs, slegs aanvaarbaar as dit gepaard gegaan het met die regte geloof en

hulle het dus probeer om skadelike emosies soos vrees en woede te onderdruk en slegs “goeie emosies” soos liefde en vriendskap toe te laat (Elliot 2006:74).

Die Stoïsyne het ten opsigte van waardes en emosies tussen die terme “goed”, “sleg”, “verkieslik”, “verwerplik” en “neutraal” onderskei en oor die algemeen emosies afgemaak as sleg of ongewens en gemeen dat ’n volwasse, gesonde mens vanuit sy/haar rede leef. Deugde soos wysheid, regverdigheid, dapperheid, gematigdheid en vrygewigheid moes steeds in ooreenkomstige daade tot uiting kom. Daar is wel drie goeie gevoelens, soos om iets te wens, om versigtig te wees en om vreugde te ervaar. Passies of emosies (intense gevoelens) is sleg. Voorbeelde daarvan is lus, vrees, opgewondenheid en angs. Kennis (wysheid) was vir hulle die bron van gematigdheid (φρόνησις) terwyl morele onkunde of dwaasheid (ἀφροσύνη) as malheid/waansin beskou is en deur hulle as die genus van alle kwaad beskou is (Ahonen 2014:108).

Die filosowe het ook geglo dat die gode nie aan emosie onderworpe is nie. Plato wou volgens Van der Horst (2010:173) Homerus se gedigte verban uit sy ideale staat omdat hy geglo het dat die gode nie aan emosie onderworpe is nie. Ook Epikuris het geglo dat die goddelike nie beweeg kan word deur emosies soos toorn of genade nie.

Philo, wat ’n Hellenistiese Jood van die eerste eeu was, het in ’n mate tot hierdie filosofiese stroming behoort. Volgens Van der Horst (2010) het Philo as filosoof saam met die Griekse filosowe verklaar dat God nie deur emosie beweeg word nie, maar as eksegeet skryf hy byvoorbeeld in sy eksegeese oor Moses in verband met die oeste langs die Nyl: “... unless sometimes the anger of God interrupts this abundance by reason of the excessive impiety of the inhabitants” (Vita Mosis I 6). Dit lyk dus volgens Surburg (1975:155-156) asof Philo die Joodse geloof by die Grieks-Romeinse wêreld wou aanbeveel in die lig van hulle kwynende belangstelling in hulle eie gode. Sy uitsprake is gevolg deur Christen-eksegete soos Origenes en sy hermeneutiese beginsels sou ’n verreikende invloed op latere Christelike teologie hê.

Ook Josefus is deur die Hellenisme beïnvloed, soos blyk uit sy interpretasie van Josef se ontmoeting tussen sy broers en Jakob in Genesis 45 en 46. In Genesis 45:1 en 2, word Josef se emosies as byna buite beheer beskryf. Hy het so hard gehuil dat die Egiptenare in Farao se huis dit gehoor het. Josefus skilder egter volgens Pearce (2014:861), vir Josef as ’n man van rede, wat in beheer van sy emosies is en nie huil nie (Antiquitatis 2.166). Wanneer Josef sy vader sien, toon Josefus ’n eksplisiete kontras tussen die emosies van Josef en

Jakob. Laasgenoemde is oorkom van blydskap, maar Josef bly in beheer van sy emosies (Antiquities 2.184). Dit lyk hier asof Josefus ten spyte van die feit dat hy 'n Jood was, baie van die Stoïsynse filosowe se idees in sy eie filosofie oorgeneem het.

3.2.2.2 *Emosie in die Grieks-Romeinse kultuur*

Emosie het volgens Elliott (2006:61), veral 'n groot rol in die godsdienstige rituele en magie van die Grieks-Romeinse kultuur gespeel. Daar was byvoorbeeld 'n sterk emosionele element in die gebede tot die gode om heling of goeie oeste. Towerspreuke en amulette is gebruik om te beskerm, maar ook om te vervloek en het dikwels bestaan uit 'n onverstaanbare reeks herhaalde lettergrepe. Hierdie magiese rituele het gespruit uit 'n vrees vir onbekende geestelike magte en dikwels ook uit 'n vrees vir die onvoorspelbaarheid en woede van die gode. By die godsdienstige feeste is vrylik uiting gegee aan emosie omdat mense geglo het dat die gode ook aan emosie onderworpe is en hulle dus met die gode kon identifiseer. 'n Totale verlies van die self in emosie was dan ook 'n vorm van aanbidding. Daar was natuurlik egter vanuit die Stoïsynse kritiek op hierdie ongebreidelde uiting van emosie.

Vir die doel van die studie van die emosies van Jesus by die graf van Lasarus, is dit nodig om spesifiek te verwys na die rol wat emosie in begrafnisrituele en rou by die dood van 'n geliefde in die Grieks-Romeinse wêreld gespeel het. Daar was volgens Alexiou (1974:4) groot vrees by die ou Grieke vir die toorn van die gode en die persoon wat gesterf het as 'n begrafnis nie op die korrekte wyse voltrek is nie. Dit kon, volgens hulle legendes, groot tragedies tot gevolg hê, soos in die geval van Agamemnon wat nie by sy moeder die begrafnis van 'n koning gekry het nie. Dit was verder onbehoorlik om by die sterfbed van iemand te treur of emosie te toon. Daarom het Sokrates sy vrou weggestuur toe hy die gifbeker gedrink het sodat hy in vrede kon sterf. Toe sy vriende nie hulle droefheid in sy sterwensomblik kon betuel nie, het hy hulle tereggewys. Alexiou (1974:5) meen dat hulle dit nodig gevind het omdat die sterfproses ook die stryd van die siel ingehou het om van die liggaam weg te breek (*ψυχορράγειω*). Dit kon nie gebeur as daar nog 'n belofte on vervuld was of as 'n bepaalde familieverpligtinge nog onafgehandel was nie. Plato het gemeen dat 'n siel wat nie uit die liggaam kon vertrek nie, 'n sondige siel was. Die roubeklag was ook nie 'n spontane uiting van droefheid nie, maar is streng gekontroleer volgens elke fase van die begrafnisritueel.

Alexiou (1974) dui verder aan dat die begrafnisritueel en rouproses gewoonlik weeklag en sang asook beweging ingesluit het, byvoorbeeld die lig van die regterhand by die mans en die vashou van die kop van die gestorwene. Omdat elke beweging deur 'n simboliese rituele patroon bepaal is, dikwels vergesel van die skril musiek van 'n rietfluit (*aulos*), moes die tafereel soos 'n dans voorgekom het – soms stadig en treurig en soms wild en ekstaties. In die klassieke periode het die verantwoordelikheid van roubeklag op die nabye familie gerus, spesifiek die vroue, maar die gebruik om vreemdelinge te huur as roubeklaers was ook redelik algemeen.

Die klassieke digters het dikwels geskryf oor die vernietigende krag van emosies en dit gesien as 'n vreemde, irrasionele krag wat die slagoffer daarvan gedwing het om tot onverantwoordelike, gewelddadige gedrag oor te gaan. Reeds in Griekse tragedies van die vyfde eeu v.C. soos die *Medea* van Euripides, word die emosies van die karakters uitgebeeld as 'n krag waarmee hulle moes worstel. Hierdie emosies was 'n plaag van die gode oor die karakters om hulle sodoende geestelik te kwel. Die emosie van vrees het dikwels voorgekom en is gesien as iets wat beheer moes word. Elliott (2006:65) beweer in hierdie verband dat hoewel emosie hoofsaaklik deur die klasieke digters as nie-kognitief en buite die beheer van die rede gesien is, daar tog aanduidings is dat die komplekse werk van kognisie (denke) nie heeltemal ontken is in hulle siening van emosie nie.

3.2.2.3 Emosie in die Joodse kultuur van die eerste eeu

In 'n besinning oor emosies in die eerste eeu moet ook teruggegryp word na die Ou Testament as die bron waaruit die Jode van die eerste eeu nog geleef het, terwyl die Hellenistiese invloed waarin hulle geleef het, nie geïgnoreer kan word nie. Dit is ook belangrik om in elke geval te onderskei tussen die emosies wat enersyds aan God en andersyds aan mense, toegeskryf is.

In die Ou Testament was emosie een van die maniere waarop die verskil tussen die regverdige en die goddelose uitgewys is. So was Dawid 'n man na God se hart, het hy die goeie gevier, en genade teenoor sy vyande betoon. Aan die ander kant word Saul in 1 Samuel 18:8 geteken as iemand wat weens die boosheid en selfsug in sy hart nie sy emosies van woede en jaloesie kon beheer nie (Elliott 2006:83).

In die Joodse denke van die Ou Testament was die setel van die innerlike geestelike beleving die hart (לב), waar gevoelens ontstaan het en wat ook die setel van die wil en besluitneming was. Ook geloof en twyfel was sake van die hart. Daar is 'n sterk integrasie in die Ou Testament tussen die hart en verstand, soos blyk uit Jeremia 3:15: “Ek sal vir julle herders gee na my hart, en hulle sal julle verstandig en met insig lei” (1983-Vertaling).

Daar word voorts gekyk na 'n paar belangrike emosies wat in die Ou en Nuwe Testament ter sprake kom. Daar word hier uit die aard van die saak veral gefokus op die voorkoms van die emosies wat in hierdie studie ter sake is, naamlik toorn, ontsteltenis en droefheid, maar ek meen dat liefde en blydschap as teenpole daarvan ook indirek ter sake is.

Liefde

Liefde as emosie kom in die Ou en Nuwe Testament sterk na vore. Die wese van God is immers liefde. In Hosea 11:8 roep God uit: “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.” In Johannes 3:16 vind ons die bekende woorde: “Want so lief het God die wêreld gehad ...”. Liefde is ook 'n daad en opdrag van 'n God van liefde in die opsomming van die Wet in Deuteronomium 6:5 (OAV): “Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag”. Liefde beteken dat God die mens liefhet en dat Hy wederliefde vra. Om God lief te hê, is ook om Hom te ken. Daaruit het die liefde tot die naaste voortgevloei wat ook moes uitmond in daad van liefde (vergelyk Lev. 19). Die liefde vir God impliseer ook 'n sterk begeerte na God, soos blyk uit Psalm 42:2-3 (NAV): “Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?”

Vreugde

Die Psalms bevestig dat die regverdige sy vreugde in die Here vind. Daarvan is Psalm 119:24 'n sprekende voorbeeld: “U verordeninge is my vreugde, hulle is my raadgewers”. Ook in Psalm 119:47 kom die emosies van liefde en verlustiging tegelyk voor en dan wel ten opsigte van die gebooi van die Here. Dit kom duidelik in die Psalms en ook ander Skrifgedeeltes na vore dat vreugde en viering met blydschap 'n integrale deel van die diens

aan JHWH insluit. 'n Mens hoef ook maar net te dink aan die lofpsalms, waarvan Psalm 147 'n goeie voorbeeld is.

Die emosie van blydschap word in die Nuwe Testament ook aan God en aan die hemelinge toegeskryf. In Markus 4:11 spreek God uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My”. Ons lees ook in Lukas 15:7 dat daar blydschap in die hemel is oor een sondaar wat hom bekeer. Verder sê Jesus in Johannes 15:9-11 dat sy blydschap in sy dissipels is as hulle sy opdragte uitvoer en in sy liefde bly. Hierdie blydschap van Jesus is volgens Lindars (1989:490) geleë in die voltooiing van sy taak waarvoor Hy na die wêreld gekom het en wat sal uitloop op sy verhoging, en volgens Carson (1991:521) gegrond is in sy gehoorsaamheid en liefde vir sy Vader. Om sy Vader se wil te doen, was Jesus se voedsel en sy vreugde.

Paulus skryf in Filippense 4:4: “Wees altyd bly in die Here”. Witherington (2011:245) sê tereg dat hierdie blydschap nie in omstandighede geleë is nie, maar soms ten spyte van omstandighede, omdat die Here in alle omstandighede by hulle is. Dit is verder nie opsioneel vir 'n Christen nie, maar 'n opdrag.

Toorn en droefheid

Toorn en woede by mense word meestal in die Bybel afgekeur, byvoorbeeld Kain se woede oor sy offer wat nie aanvaar is nie, (Gen. 4:5-8) wat uiteindelik tot broedermoord lei. Psalm 37:8 waarsku soos volg: “Moenie kwaad word nie en laat vaar die woede; moet jou nie ontstel nie, dit bring net kwaad” (Direkte Vertaling). Ook in Spreuke word gewys op die slegte uitwerking van woede (Spr. 15:18; 29:22; 30:33). Jesus sê dat woede teenoor 'n broer jou onder God se oordeel sal laat kom (Mat. 5:22) en Paulus plaas woede in Galasiërs 5:19 onder die werke van die vlees wat lei tot uitsluiting uit die koninkryk van God (vergelyk ook Kol. 3:8, 12-13).

Daar word ook baie in beide die Ou- en Nuwe Testament oor die toorn van God gepraat. In Jeremia 30:23 sê die profeet: “Die toorn van die Here sal losbreek soos 'n storm”. Volgens 2 Konings 17:18 was God toornig op Israel en het Hy hulle van sy aangesig verwyder. In *Die wysheid van Salomo* 5:19 en 23, word God uitgebeeld as 'n oorlogsheld: “Onoorwinlike heiligheid sal sy skild wees en sy skerp woede sal sy swaard wees”. Hy sal sy hele skepping inspan om te veg teen die slegte en dwase mense (Van der Watt & Tolmie 2006:289). God se toorn (en selfs ook haat) staan egter nooit los van sy liefde vir

sy volk en sy droefheid oor hulle ongehoorsaamheid nie. In Hosea 11:8 praat God vanuit sy gloeiende toorn en tog verseker Hy sy ontroue volk opnuut van sy liefde vir hulle. God word dus vir ons in die Ou Testament as passievol geteken. Ons is ook wat ons emosies betref, geskape na die beeld van God (Elliott 2006:111) en daarom is daar wel plek vir toorn, veral wanneer die eer van God aangetas word.

Ook Jesus het kwaad (*ὀργή*) geword vir “die Jode” wat Hom geoordeel het oor sy genesing van die man met die verdorde hand op die Sabbat (Mark. 3:4, 5), maar Hy was terselfdertyd bedroef (*συλλυπέω*) oor hulle hardheid van hart. Volgens Voorwinde (2014:32) is Jesus se eksterne uiting van emosie, deur met toorn na die Fariseërs te kyk, eintlik net die uiterlike vertoon van ’n diepe droefheid oor hulle ongeloof, wat volgens Warfield (1912: elektronies) altyd pyn aan die wortel het. In Markus 10:14 is Jesus verontwaardig (*ἀγανακτέω*) teenoor die dissipels wat die kindertjies wil wegwys. In Matteus 9:30 (vergelyk ook Mark. 1:43) is Hy verontwaardig en ontsteld (*ἐμβριμησάμενος*) oor die feit dat die persone wat genees is, sy duidelike opdrag tot geheimhouding van die gebeure sou verbreek.

Die Bybel berig ook oor droefheid by mense. Ons vind ’n klassieke voorbeeld van die uitdrukking van droefheid in die verhaal van Hanna, die moeder van Samuel, toe sy haar leed oor haar onvrugbaarheid so sterk uitgedruk het dat Eli gedink het sy is dronk (1 Sam. 1:9-14). By die dood van Saul en Jonatan skeur Dawid en sy manskappe hulle klere en rou en vas (2 Sam. 1:11). Dawid se smart oor die dood van Absalom word op aangrypende wyse in 2 Samuel 18:33 weergegee. In Job 1:20 lees ons dat Job by die nuus dat sy kinders dood is, opgestaan het, sy klere geskeur het, sy hare afgeskeer het en op die grond gaan lê het. In Job 3:20 roep hy uit: “Waarom moes God dan die lewenslig gee aan ’n man wat net swaar kry en waarom moes Hy die lewe gee aan ’n man wat so bitter ly?”

Ook in die apokriewe verhaal van Tobit, wat volgens Van der Watt & Tolmie (2005:34) iewers tussen 225 en 175 v.C. geskryf is, bars Raguel in trane uit wanneer die seun van Tobit by hom aankom – blykbaar van blydschap en aandoening om weer van sy familie te hoor en ook van hartseer omdat Tobit nie meer kon sien nie (Tobit 7:6,7).

3.2.3 ’n Vergelyking tussen die Joodse en Grieks-Romeinse siening van emosies

Uit die bostaande kan afgelei word dat die afwysing van emosie deur die Stoïsyne en Epikuriërs nie in die Ou en Nuwe Testament bestaan het nie. Hoewel daar in die Joodse

kultuur ook sprake was van skadelike emosies soos woede en haat wat afgekeur is, is baie emosies wat by God gevind is, ook by mense goedgekeur.

Volgens die Griekse filosowe word die gode nie deur emosies beweeg nie. Hiermee wou hulle die mites wat vanuit die oudheid oor die emosie van die gode bestaan het, weerlê. In die Ou Testament word God egter geteken as iemand wat liefhet en ook blydskap, toorn en droefheid ervaar. In die Nuwe Testament ervaar Jesus liefde, blydskap, verontwaardiging of toorn en diepe droefheid en ontsteltenis.

Dit blyk ook uit die Ou Testament en apokriewe geskrifte dat daar in die Joodse kultuur op meer spontane wyse aan emosie uiting gegee is, terwyl die Griekse filosowe die boodskap versprei het dat emosie ten alle koste in bedwang gehou moes word. Selfs by begrafnisse in die antieke tyd, is die emosionele uitinge geprogrammeer om by die begrafnisritueel in te pas en roubeklaers moes deur 'n geweeklaag die emosies van die treurendes weerspieël.

Daar moet onthou word dat die Evangelie van Johannes eers teen die einde van die eerste eeu geskryf is. Dit blyk uit die boek self en die taalgebruik daarin, dat die evangelis 'n Hellenistiese Jood moes gewees het, wat in Klein-Asië (moontlik in Efese) gewoon het. Verder is die boek gerig aan Joodse Christene in die Diaspora (moontlik Efese of anders iewers in Sirië (Lindars 1972:43; Brown 2010: Kindle 7015). Beide die Grieks-Romeinse invloede sou dus 'n rol gespeel het in die outeur se vertolking van die emosies rondom die graf van Lasarus. 'n Mens sou egter kon aanneem dat die Joodse tradisie rondom emosies in hierdie geval sterker na vore sou kom.

Die bostaande het besliste implikasies vir 'n beter verstaan van die emosies van Jesus in Johannes 11:33-38.

3.3 DIE BETEKENISSE VAN DIE BEGRIPPE WAT DIE EMOSIES VAN JESUS IN JOHANNES 11 BESKRYF, IN DIE KONTEKS VAN DIE EERSTE EEU N.C.

In hierdie verband is dit nodig om na te gaan hoedat die begrippe wat Jesus se emosies in Johannes 11 aandui, naamlik *ἐνεβριμήσατο* (*ἐμβριμάομαι*), *ἐτάραξεν* (*ταράσσω*) en *ἐδάκρυσεν* (*δακρύω*), in die literatuur van die eerste eeu n.C. en eerder, gebruik is, ten einde vas te stel of die betekenis wat ons vandag daaraan heg, relevant is vir die tyd waarin die Evangelie van Johannes geskryf is. Dit is dus hier eerstens nodig om te kyk hoe hierdie

begrippe elders in die Skrif gebruik is en tweedens ook watter betekenis dit in buite-Bybelse literatuur aangeneem het.

3.3.1 Voorkomste van bogenoemde begrippe in die Ou- en Nuwe Testament

ἐμβριμάομαι

In Matteus 9:30, wanneer Jesus die twee blinde mans genees, spreek Jesus hulle ernstig aan (*ἐνεβριμήθη*) en sê: “Sorg dat niemand hiervan weet nie”. Ook wanneer Hy ’n melaatse in Markus 1:43 genees, stuur Hy hom weg met ’n ernstige waarskuwing om vir niemand te vertel wat met hom gebeur het nie. Moloney (2002:58-59) verwys na die woord *ἐμβριμησάμενος* wat hier gebruik word as menende “to snort angrily”. Verder het Jesus die man dadelik weggestuur (*ἐξέβαλεν*) of letterlik weggestoot. Moloney en ook Hill (1975:180) meen myns insiens tereg dat Jesus wou verhoed dat die mense Hom bloot moes sien as ’n wonderwerker en Hom op grond van ’n valslik gebaseerde lojaliteit volg.

Die dissipels se uiting van skerp verontwaardiging (*ἐνεβριμῶντο*) by die “spandabelrige” salwing van Jesus met die kosbare olie in Markus 14:5 dui volgens Moloney (2002:281) op ’n totale onbegrip van die Christologiese betekenis van die gebaar van die vrou.

In Klaagliedere 2:5 LXX sê die outeur dat die Here soos ’n vyand geword het wat Israel verwoes het. In vers 6 kla hy: “Die Here het in Sion feestyd en Sabbat laat ophou; in sy groot toorn (*ἐμβριμήματι*) het Hy koning en priester verwerp.”

Daniël 11:30 LXX lui: *καὶ ἤξουσι Ῥωμαῖοι καὶ ἐξώσουσιν αὐτὸν καὶ ἐμβριμήσονται αὐτῷ, καὶ ἐπιστρέψει καὶ ὀργισθήσεται ἐπὶ τὴν διαθήκην τοῦ ἁγίου, καὶ ποιήσει καὶ ἐπιστρέψει καὶ διανοηθήσεται ἐπ’ αὐτούς, ἀνθ’ ὧν ἐγκατέλιπον τὴν διαθήκην τοῦ ἁγίου.*

Die woord *ἐνεβριμήσατο* word dus hier deurlopend as uitdrukking van woede gebruik.

ταράσσω

Die woord *ταράσσω* kom onder meer op die volgende plekke in die Ou en Nuwe Testament voor:

- Genesis 43:29 (30) LXX: “En Josef het gou gemaak, want sy binneste was ontroer (*ἐταράχθη*) oor sy broer.” (1953 Vertaling)

- Genesis 45:3 (LXX): “En sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik/bang (ἐταράχθησαν) vir hom.” (1953 Vertaling)
- Johannes 12:27: “Nou is my siel ontsteld (τετάρακται). Wat sal Ek sê? Vader red My uit hierdie uur?” (Direkte Vertaling)
- Johannes 13:21: “Nadat Jesus dit gesê het, was Hy diep ontroerd (ἐταράχθη) en het Hy getuig en gesê: ‘Amen, amen, Ek sê vir julle: Een van julle sal My verraaï.’” (Direkte Vertaling).

Die Bybelskrywers het dus na my mening *ταράσσω* hoofsaaklik gebruik om diepe ontsteltenis wat as ’n siddering (beroering) beleef is, uit te druk.

δακρύω

Die woord *δακρύω* kom onder meer in die volgende tekste van die Ou Testament voor:

Job 3:24 LXX: “For my groaning comes before my food, and I weep (*δακρύω*) being beset with terror”. Die 1953 Afrikaanse vertaling lui soos volg: “Want soos my brood kom my gesug, en my gebrul word uitgestort soos water.”

In Esegïel 27:35 LXX kom die frase *καὶ ἐδάκρυσεν τὸ πρόσωπον αὐτῶν* voor, wat vertaal word met “and their countenance has wept” of “en hulle aangesigte het geweent”.

In Miga 2:6 LXX word beide die woorde *κλαίω* en *δάκρω* in dieselfde sin gebruik: *μὴ κλαίετε δάκρυσιν, μηδὲ δακρύνετε ἐπὶ τούτοις*. (“Moenie met trane ween op die vergadering van die Here nie en moenie dat enigeen oor hierdie dinge ween nie” – Eie vertaling).

Die terme *δακρύω* (trane stort) en *κλαίω* (gewoonlik vertaal as ’n luide geweent of geweeklaag), kom beide in Johannes 11:34 – 35 voor om ’n onderskeid te tref tussen Jesus se trane en “die Jode” en roubeklaers se luide geweeklaag.

Die enigste ander plek waar die woord *δάκρον* (traan) in die Nuwe Testament voorkom, is in Hebreërs 5:7–8: “Hy het tydens sy aardse lewe smeking en pleitbedes met harde krete en trane (*δακρύων*) gebring voor God wat in staat was om Hom uit die dood te red.” Volgens Voorwinde (1997:71) verwys dit moontlik na die trane wat Jesus in Getsemane gestort het.

3.3.2 Buite-Bybelse literatuur

Volgens McNeile (1915:127) is ἐμβριμάομαι afgelei van die woord βρέμω wat letterlik beteken om met verontwaardiging te snork. In reël 855 van Aristophanus (446 – 386 v.C.), se *Equites*, kom die volgende woorde voor: ὥστ' εἰ σύ βριμήσατο και βλέψιας ὄστρακινδαα, wat vertaal word met “sodat as jy frons en ostrasisme oorweeg.” Neil (1901:1123) vertaal egter βριμήσατο hier met “kwaad word”, maar sê dat die oorspronklike betekenis waarskynlik “snork” of “brul” of “blaas” was.

Die begrip kom ook voor in reël 461 van die drama *Sewe teen Thebes* van Aeschylus (525 – 455 v.C.): “He whirls his horses as they snort (ἐμβριμωμένως) through their bridles, eager to fall against the gate” (Bonner 1927:174).

In Libanius van Antiogië (314 – 393 n.C.) se *Declamations* 40, word ἐμβριμάομαι volgens Arndt & Gingrich (1952:254) ook as ’n uitdrukking van woede gebruik.

Bonner (1927:171-180) het die twee uitdrukkings ἐμβριμάομαι en ἐτάραξεν ἑαυτόν ook in verslae van heidense wonderwerkers gevind. Dit is daar gebruik om die geweldige energie aan te dui wat aangewend is om ’n wonder te laat plaasvind.

In die Griekse tragedies en retoriek is ἐμβριμάομαι dus gebruik om ’n kragtige emosie, hoofsaaklik woede, uit te druk.

3.4 DIE VERSTAAN VAN JESUS SE EMOSIES IN DIE LIG VAN DIE NARRATIEF VAN JOHANNES 11

Daar moet hier veral gevra word watter moontlike betekenis van die begrippe ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν en ἐδάκρυσεν die beste inpas binne die konteks en verband van die narratief van Johannes 11 en van die Johannes-evangelie as geheel. Dit is dus nodig om ’n oorsig van die Johannes-evangelie te bied, sowel as ’n bondige eksegetiese van die gedeelte waarin hierdie woorde voorkom, naamlik 11:33-39. Dit vereis ook dat die gedeelte binne die konteks van die Evangelie van Johannes as geheel en die narratief van die opwekking van Lasarus verstaan moet word.

3.4.1 Johannes 11 teen die agtergrond van die Johannes-evangelie

Daar is verskeie sake ten opsigte van die Johannes-evangelie as geheel en die Johannese gemeenskap wat by 'n studie van hierdie perikoop in gedagte gehou moet word.

Die eerste lede van gemeenskap waarbinne die Evangelie volgens Brown (2003:48), ontstaan het, was 'n Christen-gemeenskap van Judeërs, onder meer volgelinge van Johannes die Doper wat begin glo het dat Jesus die verwagte Dawidiese Messias was. Daar was ook 'n tweede groep Samaritane en Jode wat sterk teen die tempel gekant was, wat mettertyd bygekom het en Jesus as die nuwe Moses beskou het. Hierdie gemeenskap was as gevolg van die hoë Christologie wat hulle verkondig het, in konflik met “die Jode” wat gemeen het dat hulle die monoteïsme met hulle Christus-leer aantas. Die Johannese Christene is dus uit die sinagoges verban. Die gevolg was 'n baie negatiewe houding teenoor “die Jode”, asook teenoor Christene wat nie met “die Jode”dom wou breek nie (vergelyk Joh 9: die ouers van die blindgeborene in Joh. 9) en teenoor ander Christelike groepe wat 'n lae Christologie gehandhaaf het (Joh. 6:60-67).

Die Johannese Gemeenskap het waarskynlik van Palestina na die Diaspora verhuis om Griekssprekendes te bereik – moontlik na Efese. Die ongeloof van “die Jode” en die deel word van die Grieke van die gemeenskap is gesien as vervulling van God se plan (Brown 2010: Kindle 7776). Hierdie ongeloof van “die Jode” speel ook juis 'n belangrike rol in die narratief van Johannes 11.

Die rede waarom die Evangelie van Johannes geskryf is, is vervat in Joh. 20:31: “Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê”. Volgens Culpepper (1983:97) word die Evangelie van Johannes voortgestu deur die konflik tussen geloof en ongeloof as response op Jesus. Ongeveer die helfte van die voorkomste van die woorde “geloof” of “glo” (98 uit 239) in die Nuwe Testament kom in Johannes voor.

In die tyd ná 60 n.C. het die ooggetuies begin sterf, Christene is oral in die Romeinse Ryk vervolgd, dwaalleringe (soos die vroeë Gnostisisme) het gelowiges begin verwar en die parousie het uitgebly. Die Evangelie moes hulle weer tot 'n eenheid saamsnoer en hulle geloof in die opstanding en verheerliking van Jesus herbevestig (Brown 2010: Kindle 7812).

3.4.2 Struktuur van die Johannes-evangelie en die plek van die perikoop daarbinne

Brown (2010), Moloney (1998) en ook ander kommentare, verdeel die Johannes-evangelie in vier dele, naamlik

- I. 'n Proloog (1:1-18);
- II. Die boek van tekens (1:19-12:50);
 - a) Die eerste dae van Jesus se bediening (1:19-51);
 - b) Van Kana tot Kana (2:1-4:54);
 - c) Die feeste van “die Jode” (5:1-10:42);
 - d) Jesus beweeg nader aan “sy uur” (11:1-12:50);**
- III. Die boek van verheerliking (13:1-20:31);
- IV. Die epiloog (21:1-25).

Beide Brown (2010) en Moloney (1998) dui aan dat Hoofstuk 11, waarin die perikoop wat bestudeer word, voorkom, saam met hoofstuk 12 die brug vorm tussen die Boek van Tekens en die Boek van Verheerliking. Ná die voltoering van die laaste en grootste teken, naamlik die opwekking van Lasarus in Johannes 11, breek Jesus se “uur” in hoofstuk 12 aan (Brown 2010: Kindle 7305). Ook Moloney (1998:23) sien die perikoop wat hier bestudeer word, as deel van die finale fase van Jesus se bediening in die wêreld waarin “die uur” waarvoor Hy gekom het, aan die aanbreek is.

3.4.3 Struktuur en primêre strekking van Johannes 11:1-44

Schnackenburg (1988:316) sien die struktuur van die hoofstuk in terme van 'n koherente en logiese narratief wat in agt kleiner eenhede verdeel kan word, ongeveer soos hier onder. Ek meen egter dat 10:40-42 as agtergrond van die narratief baie belangrik is vir die verstaan daarvan en dit is daarom in die tabel hier onder bygevoeg.

Aanloop	Jesus oorkant van die Jordaan (Skuil teen die Jode)	10:40-42
1	Lasarus word siek	11:1-5
2	Jesus gaan terug na Betanië	11:6-16
3	Jesus kom in Betanië aan: Gesprek met Martha	11:17-27
4	Jesus op pad na die graf: Gesprek met Maria	11:28-32
5	Besoek aan die graf en die wegneem van die steen	11:33-41a
6	Die opwekkingsroep	11:41b-44
7	Die Joodse Raad besluit op Jesus se dood en Jesus trek Hom terug in die wildernis	11:45-54

Die aanloop tot die narratief begin reeds in Johannes 9 waar Jesus die oë van 'n blinde open en verdeeldheid binne die geleedere van “die Jode” veroorsaak oor Wie Hy is (Joh. 10:19-21). Wanneer hulle Hom dan by die fees van die tempelwyding reguit vra of Hy die Christus (Messias) is, sê Jesus vir hulle ronduit dat Hy die goeie Herder is. Hulle moes gewet het dat Hy moontlik sinspeel op die herder van wie die profete gepraat het (vergelyk Eseg. 34:22-24; Jer. 23:5, 6). Hy sê ook vervolgens vir hulle in Johannes 10:30 dat Hy en die Vader een is. Dit en ook sy uitspraak in 10:38: “... al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom,” laat hulle besluit om Hom as gevolg van godslastering te stenig. Hy is gevolglik gedwing om saam met sy dissipels oorkant die Jordaan te gaan skuil. Die haat en ongeloof van “die Jode” is dus reeds hier besig om 'n toppunt te bereik. Dit moes alreeds 'n geweldige impak op Jesus se gemoed gehad het. Culpepper (1983) wys daarop dat ons in die narratief 'n stygende lyn van die intensiteit van Jesus se emosies kan waarneem.

3.4.3.1 Fase 1: Lasarus word siek (Joh. 11:1-5)

Lasarus word ernstig siek. Die susters stuur dus 'n boodskapper na Jesus met die boodskap: “Here, hy vir wie U lief het, is siek!” (11:3). Jesus se onmiddellike reaksie is: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.” (11:4). Die nadruk wat die evangelis op Jesus se liefde vir hierdie gesin plaas (vers 5), kan nie toevallig wees nie. Dit skyn vir my asof die evangelis iets van die spanning wil deurgee tussen die liefde en die pyn wat die nuus van die siekte veroorsaak het en die taak van Jesus wat nou sy voleinding nader. Liefde, en veral die liefde van God en liefde van die dissipels vir mekaar, is immers een van die belangrike temas in die Johannes-evangelie (Joh. 11:5; vergelyk Joh_11:36; 13:34, 35; 15:9-13; 16:27; 3:16). Volgens Schnelle (2009:703) konvergeer die Johannese Christologie (pre-eksistensie, sending en inkarnasie en sy verhoging aan die kruis) op holistiese wyse tot die enkele begrip van liefde.

Dis 'n dagreis te voet na Betanië oorkant die Jordaan. Maar Jesus kom nie dadelik nie. Hy besluit om eers ná twee dae terug na Betanië te gaan. Elke tree wat Hy in hierdie laaste fase van sy bediening gee, is vir Jesus ook tydsgewys uiters belangrik. Jesus wil in gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader, deur 'n finale teken aan die mense bevestig dat Hy as die Seun van die Vader ook mag het om lewe te gee aan wie Hy wil (Joh. 5:29). Dit gaan hier egter nie net om die opwekking van 'n dooie nie, maar om sy eie

verheerliking as oorwinnaar oor die dood en sy terugkeer na die Vader. Die verheerliking van die Vader en die Seun getuig dus van die uiteindelijke verheerliking van Christus (Schnackenburg 1978:390).

3.4.3.2 Fase 2: Jesus gaan terug na Betanië (Joh. 11:6-16)

Ten spyte van die gevaar wat dit vir Hom en sy dissipels inhou, gaan Jesus terug na Betanië om Lasarus “te gaan wakker maak”. Die dissipels verstaan verkeerdelik dat Hy van gewone slaap praat en Thomas meen moontlik in die lig hiervan dat dit nie nodig is om die risiko te neem om terug te gaan net om ook te sterf nie (vergelyk Lindars 1986:392). In die woorde van Thomas, wat ook in Johannes 10 as kleingelowig uitgebeeld word, word ook Jesus se komende dood geïmpliseer. Dit en die ongeloof en onbegrip van die dissipels vir sy taak, kon ook emosionele spanning tot gevolg gehad het.

3.4.3.3 Fase 3: Jesus in Betanië: gesprek met Marta (Joh.11:17-27)

Eers vier dae nadat die boodskapper na Jesus toe gestuur is, kom Jesus in Betanië aan en dan is Lasarus al reeds vier dae lank dood. In daardie tyd is geglo dat die siel van ’n gestorwene nog vir drie dae rondom die liggaam huiwer, maar op die vierde dag het die siel reeds vertrek en dan begin die ontbinding van die liggaam intree. Lasarus se siel het dus volgens hierdie siening reeds heeltemal van sy liggaam geskei (Malina & Rohrbaugh 1998:199). Hy was dus ongetwyfeld dood. Lindars (1986:393) meen dat die evangelis juis hierdie punt beklemtoon vanweë die feit dat die opstanding van Lasarus deur sommige in die eerste eeu betwyfel is, omdat hulle gemeen het dat hy nie werklik dood was nie.

Jesus se tydsberekening is volmaak. Lasarus moet eers in die graf wees, almal moes daar wees om die wonder te aanskou en daar moes geen twyfel wees dat hy werklik dood is nie. Dit was alles nodig, sodat die mense kon glo dat Jesus mag oor die dood het en dat Hy die opstanding en die lewe is.

Die begrafnis sou, soos die gebruik was, binne ’n dag na die sterfte plaasvind, maar die gesin en naby familie, veral die vroue, sou vir sewe dae binnenshuis bly en slegs die huis verlaat om na die graf te gaan (Malina & Rohrbaugh 1998:199; Lindars 1986). ’n Groot aantal roubeklaers beweeg nog tussen die huis en die graf. Rou oor die dode was volgens Schnackenburg (1988:327) ’n belangrike daad van barmhartigheid wat nooit deur ’n Jood verwaarloos moes word nie. Die pad tussen die graf en die huis is dus vol roubeklaers

(sommige gehuur en sommige goeie vriende van die gesin) – en dan natuurlik ook “die Jode”. Die grafte was gewoonlik naby die pad buite die dorp of stad. Van die roubeklaers het moontlik vir Jesus sien aankom en so het Marta dit te hore gekom. Ten spyte van die feit dat die vrou normaalweg in die huis gebly het tydens die rou tydperk, gaan Marta uit buitekant die dorp – na Jesus toe. Marta word hier geteken as die kampioen van geloof wat Jesus se doel met hierdie wonder verwoord – dat hulle sal glo. Sy groei volgens Culpepper (1983:141) vanaf die tradisionele Judese belydenis dat die dode wel op die laaste dag sal opstaan (11:24) tot by die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van God is, wat na die wêreld sou kom (11:30-31). Tog is daar by haar die tipies menslike verwyf: “Here as U tog net hier was ...”. Bespeur ons ook kleingeloof by haar in vers 38 as sy Jesus wil keer om die graf oop te maak, met die woorde: “Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag”?

3.4.3.4 Fase 4: Op pad na die graf en die ontmoeting met Maria (Joh. 11:28-32)

Maria het nie uitgekom toe sy Jesus hoor aankom het nie. As oudste suster het sy waarskynlik die gaste ontvang. Sy reageer egter op Marta se boodskap dat Jesus haar wil sien. Jesus wag buite die dorp vir haar om te kom, waarskynlik nie ver van die graf af nie. Toe sy by Hom kom, met die hele klomp roubeklaers¹ agter haar aan, sê sy vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie”. ’n Tweede verwyf van die mense vir wie Hy lief was, moes ongetwyfeld vir Jesus emosioneel diep geraak het.

3.4.3.5 Fase 5: Besoek aan die graf en die wegneem van die steen (Joh. 11:33-41a)

Jesus se reaksie by aanskouing van Maria se trane word hier weergegee deur die volgende frases: ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι καὶ ἐτάραξεν ἑαυτόν (verse 33 en 38). Oor wat hierdie begrippe presies beteken, is daar, soos reeds in Hoofstuk 2 aangetoon, groot onsekerheid by eksegete. ’n Eie keuse hieroor word in die volgende afdeling gemaak.

Ons lees in vers 35 dat Jesus ween (ἐδάκρυσεν). Letterlik beteken dit dat Jesus trane gestort het – ’n stille geweene met baie trane, teenoor die skrilte geweeklaag van die roubeklaers. Vir die roubeklaers om te skreeu en hardop te huil (κλαιεω) was volgens Schnackenburg (1998:335) en Alexiou (1974:6) gepas by ’n begrafnis.

¹Carson (1991: 415) en ook Witherington (1995:200) meen dat Lasarus en sy susters vermoënd moes wees, geoordeel na die aantal roubeklaers, die graf met ronde steen en ook die duur reukolie waarmee Maria volgens Joh. 12 vir Jesus self.

3.4.3.6 Fase 6: Die opwekkingsroep (Joh. 11:41b-44)

Jesus het met 'n magswoord vir Lasarus uit die graf teruggeroep. Hy het dit gedoen om aan te toon dat die dood nie die laaste woord spreek nie. Hierdeur is die heerlikheid van God geopenbaar en die Seun verheerlik (vergelyk vers 4). Jesus se eintlike verheerliking het egter nog voorgelê. Wat sy emosies betref, kom sy blydschap en dankbaarheid vir die verhoring van sy gebed, sterk in 11:41, 42 na vore. Lasarus sou weer sterf, maar deur Jesus se sterwe en opstanding sou die dood vir altyd oorwin word.

Jesus se gebed tot die Vader in vers 42: “Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het,” beklemtoon weereens die tema, “sodat julle kan glo”.

3.4.3.7 “die Jode” besluit om Jesus dood te maak en Hy trek Hom terug in die wildernis (Joh. 11:45-54)

Hier kom die haat van “die Jode” weer sterk na vore en hiermee word die laaste fase van Jesus se bediening ingelei, naamlik sy dood, opstanding en terugkeer na die Vader. Hierdie haat van “die Jode” omsluit die narratief soos 'n toebroodjie – dit vorm die inleiding en die slot daarvan en dit is na my mening besonder betekenisvol vir die verstaan van die narratief.

3.4.4 Opsomming

Die volgende sake tree uit hierdie bondige oorsig na vore:

- (i) die groot liefde en deernis van Jesus teenoor sy vriende (11:2, 5, 36);
- (ii) die onbegrip en swak geloof van Jesus se binnekring, naamlik sy dissipels, veral Thomas (11:8, 12 en 16) en ook die susters (11:21, 28, 32);
- (iii) Jesus se vertoon van sterk emosie in die aangesig van die dood, wat 'n kulminasiepunt by die graf self bereik (11:38);
- (iv) Jesus se gehoorsaamheid aan en geloof in sy Vader wat dwarsdeur die narratief sterk na vore kom en daarmee ook sy dankbaarheid dat die Vader Hom altyd verhoor.

Belangrike insigte wat sterk na vore kom uit hierdie opsomming is dus die tema van geloof versus ongeloof, die vyandskap van “die Jode” en die taak waarvoor Jesus na die wêreld

gekom het en waarvan die “uur” reeds aan die aanbreek was. Ook die liefde en empatie van Jesus kom na vore uit die perikoop self en die boek as geheel.

Hierop word in die volgende hoofstuk verder uitgebrei.

4. HOOFSTUK 4

In hierdie studie word die emosies van Jesus in Johannes 11:33-38 aan die hand van die voorafbepaalde kriteria evalueer, met inagnome van die geskiedenis van interpretasie van die teks. Verskeie redes is deur die eeue heen deur teoloë aangevoer vir Jesus se ontsteltenis, soos reeds geblyk het uit die kommentare wat in Hoofstuk 2 geraadpleeg is.

In Hoofstuk 2 is die volgende moontlike redes wat deur teoloë geopper is vir Jesus se emosies gelys, in dalende volgorde waarin dit voorgekom het:

- A. Die ellende as gevolg van sonde as rede vir Jesus se toorn en droefheid – Jesus se woede is dus direk op die Satan en die dood gerig;
- B. Jesus se empatie met mense wat ly;
- C. Toorn oor die ongeloof en onbegrip van die roubeklaers oor wie Hy was en wat Hy kom doen het en veral die ongeloof en geveinsdheid van “die Jode”;
- D. Die besef van die nabyheid van sy “uur” wat sy verhoging aan die kruis ingehou het;
- E. Verontwaardiging teenoor Maria en Marta omdat hulle Hom verwyt het dat Hy nie eerder gekom het nie.

Elkeen van hierdie vyf groepe redes moet nou teen die kriteria wat aan die begin van die studie gelys is, geweeg word om hulle geldigheid te bepaal. Die letters A – E word hier aan hulle toegeken vir verwysing.

4.1 KRITERIUM 1: EMOSIES IN DIE JUDESE EN HELLENISTIESE WÊRELD VAN DIE EERSTE-EEUSE CHRISTENDOM

Dit lyk volgens die verstaan van emosies uit die Joodse kultuur van die eerste eeu n.C. (vergelyk §3.1.2) of menslike emosies soos toorn, droefheid, liefde, vreugde ensovoorts, nie net aan mense nie, maar ook aan God toegeskryf is. Die kommentare uit die vroeë kerk, en ook die Johannes-evangelie self, het hierdie emosies moontlik aan sy mensheid toegeskryf om enige vroeg-Christelike Gnostiese dwaling wat ontken het dat Jesus ook volkome mens was, teen te staan. Vir die evangelis was Jesus volkome God en volkome mens – al het hy dit nie uitgedruk op die manier waarop dit later in die kerkgeskiedenis verwoord is nie. Daarvan getuig die Proloog van die Evangelie alreeds:

Johannes 1:1, 14: *“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. ... En die Woord het mens geword en onder ons kom woon, en ons*

het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos dié van die enigste Seun van die Vader, vol genade en waarheid."

Ek meen dus dat ons die moontlikheid moet oop laat dat Jesus se goddelikheid – soos deur die Johannes-evangelie verstaan – ook hier 'n rol gespeel het, en dus in ag geneem moet word by ons interpretasie van Jesus se emosies in Johannes 11.

Die liggaamlike siddering of ontroering (*ταράσσω*) in verse 33 en 38 en die stort van trane (*ἐδάκρυσεν*) in vers 35 beklemtoon aan die ander kant die liggaamlikheid of menslikheid van Jesus se emosies. Culpepper (1983:111) meen trouens dat slegs die uiting van vreugde in 11:41 by die verhoring van sy gebed en sy trane in 11:35 in hierdie perikoop menslike emosies by Jesus kon gewees het. Jesus se ontsteltenis dui volgens Culpepper hier eerder op die voorkennis van sy dood en kom dus vanuit die feit dat Hy van Bo gekom het (Johannes 3:31: *Ὁ ἄνωθεν ἐρχόμενος ἐπάνω πάντων ἐστίν*) en een met God was.

Die Grieks-Romeinse konsep van “slegte” en “goeie” emosies – soos 'n mens dit byvoorbeeld by die Epikuriërs en Stoïsyne gevind het, sou egter wel tog 'n rol in die narratief kon speel. Die evangelis teken vir Christus as goed; daarom sal emosies wat aan Hom toegeskryf word, ook net “goed” kan wees. Sy toorn sal 'n heilige toorn wees wat gerig is teen die ongeregtigheid, sonde en dood in die wêreld (vergelyk byvoorbeeld ook die tempelreiniging in Johannes 2). Sy droefheid sal ook nie 'n treur sonder uitsig wees nie, maar van medelye omdat Hy self hoop het om te bied aan hulle wat treur.

Die eerste vier redes vir Jesus se emosies sou volgens hierdie kriterium geldig wees, maar die vyfde (E), naamlik Jesus se verontwaardiging oor Marta en Maria se verwyte omdat Hy nie eerder gekom het nie, sou gesien kon word as 'n “slegte” emosie wat getuig van iets soos kleinsieligheid in die teenwoordigheid van groot smart. Mense is dan gewoonlik nie eens vir mekaar kwaad oor sulke uitlatings wat in 'n oomblik van ontsteltenis gemaak word nie. Hierdie oorsaak vir Jesus se ontsteltenis moet dus afgewys word in die lig van die manier waarop binne die ontstaanswêreld van die teks oor goddelike emosies gedink is. Die toorn oor hulle ongeloof kan egter gesien word as 'n Goddelike toorn, wat vanuit die Skrif geregverdig is. Ongeloof is immers sonde.

4.2 KRITERIUM 2: DIE BETEKENISSE van ἐμβριμάομαι en παράσω IN BYBELSE EN BUIITE-BYBELSE LITERATUUR.

Die verskillende begrippe wat gebruik word om Jesus se emosies in Johannes 11 aan te dui, is in §3.2 bespreek. Die groot verskille in interpretasie het volgens die oorsig van die *Wirkungsgeschichte* in Hoofstuk 2 hoofsaaklik in verse 33 en 38 by ἐνεβριμήσατο (ἐμβριμάομαι) voorgekom. Uiteindelik moet besluit word op die emosie wat hierdeur beskryf word.

In §3.3.1 is 'n hele aantal tekste genoem (bv. Dan. 11:30 LXX; Klaagliedere 2:5 LXX; Matt. 9:30; Markus 1:43, 14:5 en ook buite-Bybelse tekste) waar ἐμβριμάομαι die betekenis aangeneem het van “woede” of “streng vermaning”. Op grond van die manier waarop ἐμβριμάομαι in hierdie tekste gebruik word, wil ek die gevolgtrekking maak dat dit hoofsaaklik gebruik is om woede of streng vermaning uit te druk. In die lig van die manier waarop die begrip gewoonlik gebruik word en ook omdat die enigste ander drie voorkomste daarvan in die Nuwe Testament (behalwe in Johannes 11), dui op vermaning of woede, is dit dus myns insiens voor die hand liggend om te aanvaar dat die begrip in die Johannes-evangelie op dieselfde manier gebruik word. Dit sou dus beteken dat die evangelis van die Johannes-evangelie ook woede as emosie van Jesus in Joh. 11:33 en 38 in gedagte gehad het. Woordeboekvertalings wat dit as droefheid interpreteer het, het waarskynlik die betekenis uit Bybelvertalings gekry, soos blyk uit die volgende uit Liddell & Scott: “... of persons, *to be deeply moved*, τῷ πνεύματι, ἐν ἑαυτῷ, Ev.Jo.11.33, 38.”

Die betekenis van ἐνεβριμήσατο τῷ πνεύματι (saam met ἐτάραξεν ἑαυτόν) kan dus vanuit die manier waarop die woord gewoonlik gebruik word, geïnterpreteer word as toorn, gepaardgaande met 'n sigbare ontsteltenis en ontroering.

Vanuit die normale gebruik van bostaande begrippe, kan drie redes uit die kommentare vir Jesus se emosies hier wel relevant wees, naamlik A, C en D soos hierbo gelys. Die volgende is dus wel moontlik:

- A. Toorn en ontroering (ontsteltenis) oor die ellende as gevolg van sonde – Jesus se woede is dus direk op Satan en die dood gerig.
- C. Toorn en ontsteltenis oor die ongeloof en onbegrip van die roubeklaers oor wie Hy was en wat Hy kom doen het en veral die ongeloof en geveinsdheid van “die Jode”;

D. Die besef van die nabyheid van sy “uur” wat sy verhoging aan die kruis ingehou het;

Die begrip *δακρῦω* (trane stort) in 11:35 is verder in lyn met die Joodse wyse van treur by die dood van ’n geliefde (vergelyk §3.2.3). Jesus se trane kan dus gesien word as empatie en meelewing met die susters by die hartseer wat hulle beleef, al het Hy geweet dat Hy Lasarus sou oprig uit die dood. Die rede wat kommentare aanvoer dat Jesus empatie toon met hulle wat ly, deur saam met hulle te ween (B), kan dus moontlik aanvaar word vanuit die betekenis van die begrip *δακρῦω*.

4.3 KRITERIUM 3: JESUS SE EMOSIES IN JOHANNES 11:33-38 BINNE DIE KONTEKS VAN DIE JOHANNES-EVANGELIE

Daar word nou hier verdere gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van die temas van geloof en ongeloof, die vyandskap van “die Jode” en Jesus se “uur” – die aspekte wat in §3.3.4 uitgelig is. Die moontlike redes vir Jesus se emosies soos in die kommentare (Hoofstuk 2) weerspieël, het deur eliminasië nou gekrimp tot vier.

4.3.1 Ongeloof en vyandskap

Die doel waarvoor die Evangelie geskryf is, kom sterk in hierdie perikoop na vore. Iets van die klag van Johannes 1:11 (“Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie”) kom hier deur ten opsigte van die ongeloof en verwerping deur “die Jode”, teenoor Marta se geloof – al was dit nog onvolkome – in 11:22-27.

Hierdie doel word volledig in Johannes 20:31 uitgespel:

“... maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.”

Veral uit die konteks van die omstandighede waaronder die boek geskryf is, naamlik die verwydering tussen “die Jode” en die Johannese Christene (vergelyk §3.3.1), blyk dat die antipatie, ongeloof en geveinsdheid van “die Jode” by die graf van sy vriend, Jesus erg kon ontstel het. Hulle was sy eie mense aan wie Hy Hom kom openbaar het, maar hulle het Hom verwerp. Hulle treur saam by die graf van Lasarus, maar beraam reeds planne om Hom dood te maak. Daar is by hulle ook ’n geringskating van sy tekens. Hulle het die blinde man wat volgens Johannes 9 genees het, uit die sinagoge uitgeban saam met sy

ouers. Dan vra hulle hier: “Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie hierdie man gesond gemaak het nie?”

Jesus sou dus toornig en ontsteld kon wees oor die ongeloof en verwerping wat Hy by “die Jode” ervaar het en ook oor die gebrek aan geloof by sy binnekring, die dissipels en selfs by Maria (C).

4.3.2 Jesus se “uur”

Die doel van Jesus se koms na die wêreld soos deur die Johannes-evangelie verwoord, kan opgesom word in Johannes 3:16: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Hierdie liefde is ’n belangrike tema in Johannes en mag nie buite rekening gelaat word in die interpretasie van Jesus se emosies in Johannes 11 nie. Met die term “uur” (ώρα) plaas Johannes die hele openbare bediening van Jesus onder die perspektief van die teologie van die kruis (Schnelle 2009:698). Die kruis word reeds in die woorde van Johannes die Doper in Johannes 1:29 en 36 impliseer: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem” (Schnelle 2009:693).

Daar is reeds gemeld dat Johannes 11 die brug vorm tussen die Boek van Tekens waarin Jesus Homself deur middel van tekens openbaar en die Boek van Verheerliking, wat handel oor die verheerliking van Jesus aan die kruis, sy dood, begrafnis en opstanding. Jesus besef hier dat sy uur van verheerliking naby is, Hy is lief vir sy “eie” en hier sien Hy die effek van die Satan en die dood op sy “eie”. Sy taak wat Hy uit liefde vir sy Vader en vir die mense moet volbring, nader voleinding. In Johannes 12:27, as die Grieke Hom wil sien, bereik hierdie ontsteltenis ’n nuwe hoogtepunt met die besef dat sy “uur” aangebreek het en Jesus roep uit: “Nou is my siel ontsteld (τετάρακται²) en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom OAV).” Ook Jesus se emosies wanneer Hy aankondig dat Judas Hom sal verrai (Johannes 13:21) word beskryf met ἐταράχθη³ τῷ πνεύματι, net soos in Johannes 11:33, 38 en 12:27. Hierdie drie insidente staan dus direk in verband met mekaar en met die feit dat Jesus se uur van verheerliking, wanneer Hy aan die kruis verhoog sal word (Joh. 3:14,15; 12:32) aangebreek het.

² Indikatief Passiewe Perfektum van παράσσω.

³ Indikatief Passiewe Aoristos van παράσσω.

Rede A, naamlik die woede van Jesus teenoor die sonde en dood, hou direk verband met die rede vir sy koms na die wêreld, naamlik om die “heerser van die wêreld uit te dryf” (Johannes 12:31). Rede D is die diepe ontsteltenis oor die naderkom van sy “uur”. Hierdie twee redes kan dus ineenvloei tot een, naamlik die naderkom van sy “uur” wanneer Hy Satan finaal die stryd sal aansê.

Jesus se trane (*δακρον*) staan hier volgens Schnackenburg (1988:335), Bultmann (1971:406) en Meyer (1875:128) direk in kontras met die harde geweeklaag van die ongelowige “Jode”. Hy rou nie saam met hulle oor die finaliteit van die dood nie. Daar kan ook aangeneem word dat die situasie self hier ’n kulminasiepunt bereik en dat Jesus nie onaangeraak sou wees deur die oorsaak van die smart van sy twee vriendinne by die graf van hulle broer nie, al het Hy geweet wat Hy op pad was om te doen. Daar kan dus saam met die oorgrote meerderheid van kommentare waarna in Hoofstuk 2 verwys word, afgelei word dat Jesus hier huil hier in empatie saam met Maria omdat sy leed verduur. Ook Jesus se liefde vir Lasarus word, nie sonder rede nie, weer hier beklemtoon in die woorde van “die Jode”: “Kyk hoe lief het hy hom gehad!” Jesus wat as God, heilige toorn en ontsteltenis oor die sonde en sy verwoesting toon, treur hier ook saam met een van “sy eie” wat ly onder hierdie verwoesting wat Satan aangerig het. Hy betoon sy liefde en empatie deur langs Maria te staan en saam met haar te treur; stille, menslike trane van meegevoel te midde van sy eie ontstemdheid (D).

4.4 GEVOLGTREKKING

Vanuit ’n studie van emosies in die eerste eeu n.C. in die Joodse en Grieks-Romeinse konteks, is die gevolgtrekking reeds in §4.1 gemaak dat ’n mens naas die Joods-Christelike siening van emosies, ook die Hellenistiese (Stoïsynse) begrip van “goeie” emosies hier in berekening kon bring, omdat die Hellenistiese invloede wel die Joodse kultuur infiltreer het. Jesus se emosies sou dus uit die aard van die saak net goed kon wees.

Die woordeboekbetekenisse en die gebruik van die woorde *ἐμβριμάομαι*, *ἐτάραξεν* (*ταράσσω*) en *ἐδάκρυσεν* (*δακρύω*) in Bybelse en buite-Bybelse bronne lei tot ’n interpretasie van emosies van toorn en ontsteltenis en ook die stort van trane.

Vanuit ’n studie van die Johannes-evangelie en Hoofstuk 11 in besonder, kom die ongeloof van “die Jode” en ook hulle vyandskap sterk ter sprake en ek beskou dit dus as ’n belangrike faktor wat kon gelei het tot Jesus se emosies van toorn (*ἐμβριμάομαι*) en beroering of

ontsteltenis (παράσσω) by die graf van Lasarus. 'n Verdere saak wat hier ook groot gewig dra, is die posisie wat die perikoop inneem binne die hele Johannes-evangelie as brug tussen die Boek van Tekens en die Boek van Verheerliking. Die spanning van die komende passie is aan die toeneem en kan dus nie hier geïgnoreer word nie.

Ek meen dus dat Jesus se emosies by die graf van Lasarus die beste interpreteer kan word as

- 'n diepe deernis vir hulle wat ly, soos wat gesien kan word uit sy trane by die graf (Johannes 11:35).
- toorn en ontsteltenis oor die ongeloof van die mense wat hier teenwoordig was, insluitende die susters, sy dissipels en veral vanweë die verwerping, ongeloof en vyandskap van “die Jode”; en
- 'n diepe ontstemdheid omdat Hy hier reeds besef dat sy “uur” besig is om nader te kom en Hy met 'n Goddelike voorwete reeds die kruis begin beleef.

Ek is geneig om hierdie laaste rede te sien as die hoofmotief vir Jesus se ontsteltenis by die graf van Lasarus, vanweë die noue verband tussen die narratief van Johannes 11 met die passie van Jesus. In Lasarus se dood sien Hy sy eie dood naderkom, in Lasarus se opstanding is daar reeds die voorkennis van sy eie opstanding en daarmee saam die belofte van die (ewige) lewe vir hulle wat glo, soos wat Hy dit ook aan Marta uitspel: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf” (Johannes 11:25).

4.5 SLOT

Hierdie studie was 'n reis saam met teoloë oor meer as sewentien eeue, wat almal probeer het om die emosies van Jesus in Johannes 11:33-38 te verwoord. Hierdie poging is geensins volledig nie en skiet moontlik ver te kort. Wie is ek om beter te doen as so baie ondersoekers deur die eeue heen? Dit is ook nie maklik om 'n brug te slaan tussen die hier en nou van 'n Westerse kulturele opset na gebeure van twintig eeue gelede, in 'n kulturele opset wat net vanuit die reste van geskrifte van daardie tyd bekend is nie. Wat meer is, hoe kan 'n mensekind ooit die werklike diepte van die emosies van God se Seun probeer peil?

Dit is dus in diepe nederigheid dat hierdie studie voorgelê word, in die hoop dat dit tog kan lei tot 'n beter verstaan van die hart van Hom wat die hemel verlaat het om hier die Vader te kom openbaar en uit liefde vir sondaars te kom sterf, sodat almal wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê (Johannes 3:16).

5. LITERATUURLYS

AHONEN, M.

2014. *Mental disorders in ancient philosophy*. Londen: Springer.

À LAPIDE, C.

1908. *The great commentary of Cornelius à Lapide: S. John's Gospel—Chapters 1 to 11*. (T. W. Mossman, Trans.) (Third Edition, Vol. 5, pp. 400–411). Edinburgh: John Grant.

ALEXIOU, M.

1974. *The ritual lament in Greek tradition*. Cambridge: Cambridge University Press.

AQUINAS, T.

- 1845. *Catena Aurea. Commentary on the Four Gospels, collected out of the works of the Fathers: St. John* (JH Newman, Ed.) Vol. 4., pp. 379-383). Oxford: Henry Parker.
- 1998. *Commentary on the Gospel of st. John (Part 2)*. (Transl. Larcher, F.R.) Aanlyn verkry vanaf <http://dhspriority.org/thomas/SSJohn.htm>.
- 2010. *Commentary on the Gospel of John*. (Larcher, F. & Weisheipl, J.A., Transl.). Washington, DC: The Catholic university of America press.

ARNDT, WF. & GINGRICH, FW.

1957. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. Chicago (Illinois): The University of Chicago Press.

AUGUSTINE OF HIPPO.

- 1888. Lectures or tractates on the Gospel according to St. John. In P. Schaff (ed.), J. Gibb & J. Innes (Trans.), *St. Augustin: Homilies on the Gospel of John, Homilies on the First Epistle of John, Soliloquies* (Vol. 7, pp. 270–278). New York: Christian Literature Company.
- 1993. *Tractates on the Gospel of John 28–54*. (T. P. Halton, Ed., J. W. Rettig, Trans.) (Vol. 88, pp. 238–260). Washington, DC: The Catholic University of America Press.

BARRETT, CK.

1978. *The Gospel according to St. John (Second edition)*. London: SPCK.

BEASLY-MURRAY, G.R.

1987. John (Vol. 36). In: *Word Biblical commentary* (Hubbard, D.A. & Barker, G.W. (Eds.)). WACO (Texas): Woord Books.

BERNARD, J. H.

1929. *A critical and exegetical commentary on the Gospel according to St. John.* (A. H. McNeil, Ed.) (Vol. 2, pp. 395–401). New York: C. Scribner' Sons.

BONNER, C.

1927. Traces of thaumaturgic technique in the miracles. In: *The Harvard Theological Review*, 20(3):171-181. Van die internet afgelaai op Woensdag, 13 September 2017 om 10:38:01 by <http://www.jstor.org/stable/1507903>.

BROWN, R.E.

- 1966. *The Gospel according to John, Volume 1.* London: Geoffrey Chapman.
- 1988. *The Gospel and Epistles of John.* New York: Liturgical Press.
- 2010. *Introduction to the New Testament* (Kindle edition). New Haven & Londen: Yale University Press.

BRUNER, FD.

2012. *The Gospel of John.* Grand Rapids: William B. Eerdmans.

BULTMANN, R.

1971. *The Gospel of John.* Oxford: Blackwell.

BURGE, GM.

2005. John. In: Evans, G. (Ed.). *The Bible knowledge commentary: John's Gospel, Hebrews – Revelation.* Colorado Springs: Cook Communications.

CALVYN, J. & PRINGLE, W.

2010. *Commentary on the Gospel according to John* (Vol. 1, pp. 439–447). Bellingham, WA: Logos Bible Software.

CARSON, DA.

1991. *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-
Varsity Press; WB. Eerdmans.

CHRYSOSTOM, J.

1959. *Commentary on Saint John the apostle an evangelist: Homilies 48-88*. (T.A.
Goggin, Trans.) (Vol. 41, pp. 190-205). Washington, DC: The Catholic University of
America Press.

CULPEPPER, RA.

1983. *The anatomy of the Fourth Gospel*. Philadelphia: Fortress Press.

CYRIL OF ALEXANDRIA.

1885. *Commentary on the Gospel according to S. John* (Vol. 2). London: Walter S.

DAMASIO, AR.

2006. *Descartes' error: Emotion, reason and the human brain* (Kindle edition). London:
Vintage.

DODD, CH.

1965. *Historical tradition in the Fourth Gospel*. Cambridge: Cambridge University Press.

EKMAN, P.

2003. *Emotions revealed*. New York: Henry Holt & Company, LLC.

ELLIOT, MA.

2006. *Faithful feelings. Rethinking emotion in the New Testament*. Grand Rapids: Kregel
Publications.

ELOWSKI, JC. (Ed.)

2007. *Ancient Christian commentary on Scripture*. Downers Grové: Intervarsity Press.

ERASMUS, D.

1536. *Paraphrase on John*. (Phillips, J.E., Transl.). Toronto: University of Toronto Press.

ERDMAN, CR.

1917. *The Gospel of John: An exposition*. Philadelphia: Westminster Press.

EUSEBIUS OF CAESAREA.

Ca. 240 – 340. Alt. outeur: Ferrar, WJ. 1868. *The proof of the Gospel Eusebius*. Grand Rapids: Baker Book House.

FELDMAN BARRETT, L.

2017. *How emotions are made: The secret life of the brain*. Sydney: Pan MacMillan.

FONTAINE, J.R.J. & SCHERER, KR.

2013. *Components of emotional meaning: A sourcebook*. Oxford: Oxford University Press.

FRIBERG, T, FRIBERG, B. & MILLER, NF.

2000. *Analytical Lexicon of the Greek New Testament*. Grand Rapids, Mich.: Baker Books.

GODET, FL.

1900. *Commentary on the Gospel of John: With a critical introduction*. (S. Taylor, Trans.) (Vol. 3). Edinburgh: T&T Clark. Smith.

GUMLICH, GA.

1894. *Kurzgefasste christliche Symbolik. Christian creeds and confessiona*. (Transl. Wheatley, L.A.). Aanlyn verkry vanaf <http://hdl.handle.net/2027/yale.39002088379327> .

HENGSTENBERG, EW.

1865. *Commentary on the Gospel of St. John (Vol. 2)*. Edinburgh; London; Dublin: T&T Clark; Hamilton, Adams & Co.; J. Robertson & Co.

HICKS, R.

2013. 'Emotional' temptation and Jesus' spiritual victory at Markan Gethsemane. In: *Journal of Biblical and Pneumatological research* Vol 5:39-45.

HILL, D.

1975. *The Gospel of Matthew*. London: Oliphants.

IZARD, CE., KAGAN, J. & ZAJONC, RB.

1984. *Emotions, cognition and behavior*. Cambridge: Cambridge University Press.

KNIGHT, M.

2010. *Wirkungsgeschichte, reception history, reception theory*. In: *Journal for the study of the New Testament* 33(2):137-146.

KYSAR, R.

1986. *John*. Minneapolis, MN: Augsburg Publishing House.

LIDDELL, HG., SCOTT, R., JONES, HS., & MCKENZIE, R.

1996. *A Greek-English lexicon*. Oxford: Clarendon Press.

LINCOLN, A.T.

2005. *The Gospel according to Saint John*. London/Peabody Mass.: Hendrickson Publishers.

LINDARS, B.

1972. *The Gospel of John*. London: Marshall, Morgan & Son.

LYONS, W.

1980. *Emotion*. Cambridge: Cambridge University Press.

LOUW, J.P. & NIDA, EA.

1988. *Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains*. New York: United Bible Societies.

MALINA, BJ. & ROHRBAUGH, RL.

1998. *Social-Science commentary on the Gospel of John*. Minneapolis: Fortress Press.

McNEILE, A.H.

1915. *The gospel according to st. Matthew*. New York: The MacMillan company.

MEYER, HAW.

1875. *Critical and exegetical handbook to the Gospel of John*. (F. Crombie, Ed.) (Vol. 2).
Edinburgh: T&T Clark.

MOLONEY, FJ.

- 1998. *The Gospel of John*. Collegeville (Minnesota): The order of St. Benedict.
- 2002. *The Gospel of Mark*. Peabody (Massachusetts): Hendrickson Publishers.

MOPSTUESTIA, T.

2010. *Commentary on the Gospel of John*. (M. Conti, Transl.; J.C. Elowski, Ed.).
Downers Grove: Intervarsity Press.

NEWBIGIN, L.

1982. *The light has come. An exposition of the Fourth Gospel*. Grand Rapids: W/m B.
Eerdmans Publishing Co.

NEIL, RA.

1901. *The knights of Aristophanes*. London: C.J. Clay & Son; Cambridge: Cambridge
University Warehouse.

NEWMAN, BM.

2010. *A concise Greek-English dictionary of the New Testament*. Stuttgart: Deutsche
Bibelgesellschaft.

NICHOLSON, S.

2015. Book review: Jesus' emotions in the Gospels. In: *Religious Studies Review*,
41(4):194.

NUSSBAUM, MC.

2009. *The therapy of desire: Theory and practice in Hellenistic ethics*. Princeton:
Princeton University Press.

PAUW, DA.

1998. Die invloed van emosies op gebeure in die Matteus-Evangelie. In: *Acta Theologica*
18(2):72-107.

PEARCE, S.J.

2014. Pity and emotion in Josephus's reading of Joseph. In: *Journal of Biblical Literature* 133(4):858-862.

PLUMMER, A.

1896. *The Gospel according to St. John*. Cambridge: Cambridge University Press.

SCHNACKENBURG, R.

1988. *The Gospel according to St. John* (Translated by Kevin Smythe). London: Burns & Oates. Edinburgh: T&T Clark.

SCHNEIDERS, S.M.

1999. *Written so that you may believe*. Hertford: Crossroads Publishing company.

SIMPSON, B.I.

2012. Book review: Jesus' emotions in the Gospels. By Stephen Voorwinde. In: *Journal of the Evangelical Theological Society* 55(3):600–602.

SURBURG, R.F.

1975: *Introduction to the Intertestamental Period*. St. Louis (Missouri): Concordia Publishing House.

TALBERT, C.H.

2005. *Reading John: A literary and theological commentary on the Fourth Gospel and the Johannine epistles*. Macon, GA: Smyth & Helwys Publishing.

THOLUCK, A.

1836. *A Commentary on the Gospel of St. John*. (A. Kaufman, Trans.). Boston; Philadelphia: Perkins and Marvin; Henry Perkins.

VAN DER HORST, P.W.

2010. Philo and the problem of God's emotions. In: *Études platoniciennes* 7:171-78.

VAN DER MERWE, D.

2010. Book review: Jesus' emotions in the Fourth Gospel. In: *Neotestamentica* 44(2):389-39.

VAN DER WATT, J. & TOLMIE, F.

2007. *Apokriewe Ou en Nuwe Testament. Verlore boeke uit die Bybelse tyd*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

VOORWINDE, S.

- 1997. Jesus' tears – human or divine. In: *The Reformed Theological Review* 56(2):68-81.
- 2005. *The emotions of Jesus in the Fourth Gospel*. London: T&T Clark International.
- 2011. *The Emotions of Jesus in the Gospels*. London: T&T Clark International.
- 2014. Jesus and anger: Does he practice what he preaches? In: *Study guides for anger* (pp. 30-36). Waco: Institute for Faith and Learning Baylor University.

WARFIELD, BB.

1912. *The emotional life of our Lord* (Kindle Edition). Princeton: Princeton University Press.

WATTS, FN.

1997. Psychological and religious perspectives on emotion. In: *Zygon* 32(2):243-260.

WESTCOTT, B.F. & WESTCOTT, A.

1908. *The Gospel according to St. John. Introduction and notes on the Authorized Version*. London: J. Murray.

WITHERINGTON III, B.

- 1995. *John's wisdom. A commentary on the Fourth Gospel*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- 2011. *Paul's Letter to the Philippians: A social-rhetorical commentary*. Grand Rapids (Michigan): W/m, B, Eerdmans Publishing Co.

6. OPSOMMING

In hierdie studie is aan die hand van die *Wirkungsgeschichte* van Johannes 11:33-38 en met die aanwending van drie kriteria, gepoog om die beste interpretasie te verkry van die emosies van Jesus by die graf van Lasarus, veral soos uitgedruk in die begrippe ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν en ἐδάκρυσεν.

Uit die *Wirkungsgeschichte* (Hoofstuk 2) het geblyk dat eksegete die emosies hierbo op veral drie maniere verstaan het, naamlik óf as woede en ontsteltenis (ontroering), of as droefheid, of as 'n kombinasies van ontsteltenis, ontroering en droefheid. Die redes wat daarvoor aangevoer is, het gewissel en was dikwels kenmerkend van die tydperk waarin die interpretasie gedoen is. So kan byvoorbeeld duidelik gesien word dat die antieke kommentators, byvoorbeeld Diadochus van Photiki, Cyrillus van Alexandria en Augustinus van Hippo, nog onder die invloed van die Stoïsyne geskryf het.

Die redes vir die emosies van Jesus soos deur teoloë gesien, het die volgende ingesluit:

- droefheid en toorn as gevolg van die ellende as gevolg van sonde en woede wat direk op Satan en die dood gerig is;
- empatie met hulle wat ly;
- toorn oor die ongeloof en onbegrip van die roubeklaers oor wie Hy was en wat Hy kom doen het en veral die ongeloof en geveinsdheid van “die Jode”;
- die besef van die nabyheid van sy “uur” wat sy verhoging aan die kruis ingehou het; en
- verontwaardiging teenoor Maria en Marta vir hulle verwyte omdat Hy nie eerder gekom het nie.

Hierdie moontlike redes is in Hoofstuk 3 teen die volgende kriteria geweeg om die beste interpretasie vir Jesus se emosies te bepaal:

- Die manier waarop in die eerste-eeuse Judese en Hellenistiese wêreld oor emosies gedink is;
- Die betekenis wat Griekse begrippe soos ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν en ἐδάκρυσεν normaalweg in die Nuwe Testament en ander Griekse literatuur van daardie tyd gehad het;
- Tot watter mate die uitbeelding van Jesus se emosies inpas by die strekking van die narratief van Johannes 11 en by die teologie van die Johannes-evangelie.

Daar is in Hoofstuk 4 tot die gevolgtrekking gekom dat die beste interpretasie van die emosie van Jesus volgens die wyse waarop die begrippe in die Ou Testament, Nuwe Testament en buite-Bybelse literatuur gebruik is, soos volg is:

- ἐμβριμήσομαι wys heen na toorn;
- ἐτάραξεν ἑαυτὸν na ontsteltenis of beroering of siddering van die gemoed wat na buite sigbaar kan wees.; en
- ἐδάκρυσεν na Jesus se ween wat droefheid en empatie kan dui.

Wat die redes vir sy emosies betref, is die volgende afleidings gemaak:

- 'n Diepe deernis vir hulle wat ly, soos wat gesien kan word uit sy trane by die graf (Johannes 11:35);
- toorn en ontsteltenis oor die ongelooft van die mense wat hier teenwoordig was, insluitende die susters, sy dissipels en veral “die Jode”, vanweë hulle verwerping, ongelooft en vyandskap; en
- 'n diepe ontstemdheid omdat Hy hier reeds die pyn en godverlatenheid van die kruis begin beleef – 'n ontsteltenis wat nie losgemaak kan word van sy liefde vir sy Vader en vir die wêreld nie en wat 'n kulminasiepunt bereik in Johannes 12:27 met die besef dat sy uur aangebreek het.

7. ABSTRACT

This study is an attempt at determining the best interpretation of the emotions of Jesus at the grave of Lazarus. It is done by means of a study of the *Wirkungsgeschichte* of John 11:33-38, to determine the different interpretations of theologians through the ages. By applying certain criteria to these interpretations, an attempt was made to determine the best interpretation of the emotions of Jesus, with special reference to the words ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν and ἐδάκρυσεν.

From the *Wirkungsgeschichte* (Chapter 2) was deduced that the emotions of Jesus in John 11:33-38 were interpreted in generally three ways, namely as anger and agitation, or as distress (he was deeply moved), or as a combination of emotions, which could include all of the above. The reasons for interpreting these emotions in a specific way, were often also coloured by the context and world perspective of the interpreters. One example in this regard is the Stoic influence that can be detected in the interpretations of Diadochus of Photiki, Cyril of Alexandria and Augustine of Hippo.

The reasons for the emotions of Jesus, as seen by theologians, included the following:

- Grief and anger because of the misery caused by sin and wrath, aimed directly against Satan and death;
- Empathy towards those in distress and grief;
- Anger caused by the unbelief and lack of understanding of the mourners, of who he was and what he came to do on earth (especially the unbelief, hypocrisy and antagonism of “the Jews”);
- The realization of the immanence of his “hour” that implied his uplifting on the cross;
- Indignation towards Mary and Martha for their reproach that he did not come earlier.

In Chapter 3, these reasons were weighed against the following criteria to determine the best interpretation for the emotions of Jesus in John 11:33-38:

- The way in which the Judean and Hellenistic world thought about emotions;
- the meanings that Greek concepts like ἐμβριμάομαι, ἐτάραξεν ἑαυτόν and ἐδάκρυσεν normally took on in the New Testament and other Greek literature of the first century;
- how the portrayal of the emotions of Jesus fits into the narrative of John 11 and the theology of the Gospel of John.

In Chapter 4, the conclusion was reached that the best interpretation of the emotions of Jesus according to the way in which these concepts were used in the Old Testament, New Testament and extra-Biblical literature, are as follows:

- ἐμβριμήσασθαι points towards anger;
- ἐτάραξεν ἑαυτόν means to be stirred up (disturbed) or to experience an inner shuddering which could be visible on the outside;
- ἐδάκρυσεν means to weep silent tears, possibly out of grief and empathy with those that are grieving.

The following conclusions were made with respect to the reasons for Jesus' emotions:

- A deep compassion and empathy for those who are grieving, as is seen by his tears at the grave (John 11:35);
- Anger and agitation over the unbelief of the people surrounding the grave (including the sisters of the deceased and his disciples) and especially over the rejection, unbelief and hostility of the Jews;
- A deep disturbance because he was already experiencing the cross – a disturbance that cannot be seen apart from his love for his Father and for the world, and which reaches a culmination point in John 12:27 with the realization that his “hour” has come.

8. ETIESE KLARING

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA
FREESTATA



UFS·UV
THEOLOGY
TEOLOGIE



11-Jul-2017

Dear Mrs Johanna Meyer

Ethics Clearance: **Die interpretasie van Jesus se emosies in Johannes 11**

Principal Investigator: Mrs Johanna Meyer

Department: New Testament (Bloemfontein Campus)

APPLICATION APPROVED

With reference to your application for ethical clearance with the Faculty of Theology, I am pleased to inform you on behalf of the Ethics Board of the faculty that you have been granted ethical clearance for your research.

Your ethical clearance number, to be used in all correspondence is: **UFS-HSD2017/0810**

This ethical clearance number is valid for research conducted for two years from issuance. Should you require more time to complete this research, please apply for an extension.

We request that any changes that may take place during the course of your research project be submitted to the ethics office to ensure we are kept up to date with your progress and any ethical implications that may arise.

Thank you for submitting this proposal for ethical clearance and we wish you every success with your research.

Yours faithfully

Dr. Juanita Meyer

Chairperson: Ethics Committee

Office of the Dean, Faculty of Theology and Religion
Kantoor van die Dekaan, Fakulteit Teologie en Religie
T: +27 (0)51 401 2667, F: +27(0)51 401 3508
University of the Free State, P.O. Box 339, Bloemfontein, 9300, South Africa



9. TREFWOORDE/KEYWORDS

Wirkungsgeschichte

History of Reception

Emosies

Emotions

Kulturele antropologie

Cultural Anthropology

ἐμβριμάομαι

ἐμβριμάομαι

τάρασσω

τάρασσω

δάκρυω

δάκρυω

Geloof versus ongeloof

Faith versus unbelief

Opstanding

Resurrection

Jesus se “uur”

Jesus’ “hour”